

## **DERDE ADDENDUM VAN DIE EMERITAATSVERSORGINGSKOMBINASIE**

### **1. RAPPORT TRUSTEES VAN DIE EMERITAATSVERSORGINGS- TRUST (Artt 114, 130, 160, 188, 189, 236, 238)**

Die Trustees lê die volgende Rapport aan die Ledevergadering voor.

- A. Ds LH van Schaik stel die Rapport.
- B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie EVT/PPF. Finansiële State word na Kommissie Finansies verwys.
- C. Ds LH van Schaik stel mnr G le Roux van Advantage Multifondsbestuurders aan die Ledevergadering voor.
- D. Mnr G le Roux spreek die Ledevergadering toe.
- E. Ds Van Schaik rig 'n dankwoord aan mnr Le Roux.
- F. Ds LH van Schaik stel mnr C Erasmus, die aktuaris, aan die Ledevergadering voor.
- G. Mnr C Erasmus spreek die Ledevergadering toe.
- H. Ds EJ Tiemensma rig 'n dankwoord aan mnr Erasmus.
- I. Dr FP Kruger rapporteer namens die Kommissie EVT/PPF.
- J. Oudl IJ Lessing rapporteer namens die Kommissie Finansies.
- K. Oudl WD van der Walt stel die Rapport ad hoc Kommissie oor eervolle versorging aan emeriti.

### **L. RAPPORT**

#### **1. Oproep**

Die ledevergadering van die Emeritaatsversorgingskombinasie is opgeroep om tydens die Sinode 2006 te vergader.

**Besluit: Kennis geneem.**

#### **2. Kredensiebriewe**

Behalwe die afgevaardigdes soos per aanvang van die Nasionale Sinode 2003, is die volgende addisionele Deputate afgevaardig van hulle onderskeie medewerkende kerkrade:

(Sal tydens die vergadering aan u deurgegee word.)

**Besluit: Kennis geneem.**

#### **3. Konstituering**

Die ledevergadering konstitueer as 'n vergadering van die Emeritaatsversorgingskombinasie, met die verkose Moderamen as funksionaris.

**Besluit: Kennis geneem.**

#### **4. Kworum**

'n Kworum is teenwoordig. Kyk Reglement, Acta 1997:242, 7.5.

**Besluit: Kennis geneem.**

## 5. Rapport Trustees

Kyk Reglement, Acta 1997:242, 8.6.1 tot 8.6.3.

**Besluit: Kennis geneem.**

5.1 *Sake waarvan die Ledevergadering moet kennis neem*

5.1.1 Opdragte van die ledevergadering

5.1.1.1 *Wysigings aan die Trustakte moet aan die Meester van die Hooggeregshof gegee word.*

Wysigings is aan die Meester van die Hooggeregshof gestuur.

**Besluit: Kennis geneem.**

5.1.1.2 *Die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie handhaaf die huidige vlak van versorging met inagneming van heersende omstandighede, aan die hand van die inflasiekoers soos deur die Sentrale Statistiekdiens gepubliseer en in oorleg met die Aktuaris, na gelang van beskikbare fondse. Die Trustees sien toe dat die opdrag uitgevoer word.*

(i) Die versorgingsvlakke is gereeld gemoniteer en die versorgingsbedrag vir 2005 is R8 041.00 per egpaar.

(ii) Onder punt 5.1.4 van hierdie Rapport word afsonderlik verder oor die versorgingsbedrag gerapporteer.

Die Trustees het die versorgingsvlak van die emeriti, met pariteit in markverwante beroepe in gedagte, indringend geëvalueer. In hierdie evaluering het die volgende na vore gekom:

(a) 'n Vergelykbare evaluering is uiters moeilik omdat die pensioenvoordele van gepensioeneerdes in markverwante beroepe aan gevestigde pensioenfondse gekoppel is. Verder het ander instansies nie 'n vergelykbare fonds soos die EVT se beleggings in gestabiliseerde portefeuljes nie.

(b) Enige verhoging in die versorgingsvlak staan in verhouding tot die volgende waarmee rekening gehou moet word:

(i) die inkomstebronne van die fonds (ramings, kollekte, vrywillige bydraes deur kerkrade en individue);

(ii) 'n afname van die befondsingsvlak van die fonds mede as gevolg van die dalende lidmaattalle;

(iii) die Aktuaris se berekening van die kontantvloei-projeksie van die fonds, en

(iv) om binne die geheel van die voorafgaande die effek op ramings te evalueer.

**Besluit: Kennis geneem. Kerkrade se aandag word opnuut gevestig op hulle verantwoordelikheid ten opsigte van hulle emeriti. Tydens klassikale vergaderings moet navraag in dié verband gedoen word.**

5.1.1.3 *Addisionele hulp aan emeriti*

5.1.1.3.1 *Die Trustees van die Emeritaatsversorging kry opdrag om so spoedig moontlik by Kerkrade waar emeriti addisionele hulp ontvang, nuwe begrotings te kry, ten einde die meriete van voortgesette addisionele hulp te kan bepaal.*

Waar nodig, is hierdie inligting aangevra.

5.1.1.3.2 *Die Trustees moet in elke geval waar in die toekoms 'n verhoogde uitkering goedgekeur word, dit onder die aandag van die kerke bring dat daar noodsaak was vir die goedkeuring van 'n verhoogde uitkering (sonder vermelding van naam en besonderhede natuurlik) en dat 'n beroep*

*sodoende op kerke gedoen word om addisionele vrywillige bydraes, om die bedrag vir die befondsing van sodanige verhoogde uitkering, te in.*

*Voorkomende gevalle is per brief aan Kerkrade gehanteer.*

- 5.1.1.3.3 *Die Trustees ontvang die bevoegdheid om navraag hieroor te doen en om na onderlinge oorlegpleging met die emeritus en sy Kuratorium en/of Kerkraad oor sy versorging uit die Emeritaatstrust te besluit ten einde te verseker dat die emeritus nie oorversorg is nie en dat die beginsel van gelyke versorging sover moontlik plaasvind. Indien so 'n emeritus se emeritusversorging verminder sou word, moet dit jaarliks deur die Trustees of op versoek van óf die Kuratorium óf die Kerkraad in heroorweging geneem word.*

*Die opdrag is uitgevoer.*

**Besluit: Kennis geneem.**

- 5.1.1.4 *Die Iedevergadering doen 'n ernstige beroep op alle meewerkende kerke om groter stiptelikheid en verantwoordelikheid by die betaling van ramings aan die dag te lê, om sodoende die onderlinge afspraak oor die hulp met die versorging van emeriti en hul afhanklikes te eerbiedig en dra dit op aan die Trustees om die debietorder te implementeer.*

*Die besluit is skriftelik aan Kerkrade deurgegee. 46 Kerke se ramings word maandeliks per debietorder verhaal. 25 Kerke se ramings word maandeliks per aftrekorder inbetaal.*

**Besluit: Kennis geneem. 'n Beroep op die gemeentes gedoen om getrou te wees in die gesamentlike ooreenkoms om ramings stiptelik te betaal.**

- 5.1.1.5 *Die kerke hou weer sewe kollektes per jaar en betaal dit aan die Emeritaatsversorgingstrust.*

*Die opdrag is geïmplementeer.*

- 5.1.1.6 *Gee uitvoering aan alle sake waaroor die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie besluit het.*

*Aan die oorkoepelende opdrag is deurlopend aandag gegee. Om noulettend gevolg hieraan te gee, is 'n standaardprosedurelys geïmplementeer wat tydens vergaderings bygehou is.*

- 5.1.1.7 *Gee uitvoering aan alle sake wat kragtens die Reglement van die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie en die Ordereëlings vir Emeritaats-versorging aan hulle opgedra is.*

*Aan die oorkoepelende opdrag is deurlopend aandag gegee, asook aan die hand van 'n standaardprosedurelys per vergadering opgevolg.*

- 5.1.1.8 *Om alle sake wat voortspruit uit die samewerking van kerke in terme van KO, artt. 13 en 20 te hanteer.*

*Aan die oorkoepelende opdrag is deurlopend aandag gegee.*

- 5.1.1.9 *Wys kragtens die Reglement 'n Aktuaris aan.*

*Mnr Charles Erasmus van ABSA Konsultante en Aktuarisse is weer as aktuaris aangestel.*

**Besluit: Kennis geneem.**

- 5.1.2 Emeritering en afsterwes

(c) Predikante wat sedert 1 Januarie 2003 geëmeriteer het: **14**

(c) Emeriti/weduwees wat sedert 1 Januarie 2003 oorlede is: **12**

(c) Predikante wat sedert 1 Januarie 2003 voglens KO, 12, 79 en 80 uit die bediening is en gevolglik van die versorgingslys afgehaal is: **4**

- (c) Predikante oorlede (sien PPF) en gevolglik van die versorgingslys afgehaal is: **3**

**Besluit: Kennis geneem.**

**5.1.3 Klassisbesoeke**

- 5.1.3.1 Al die Klassisse is gedurende 2003 of deur lede van die Bestuur van die Administratiewe Buro of Trustees of andere deur die Bestuur aangewys, besoek.
- 5.1.3.2 In aansluiting by 'n Beskrywingspunt rakende versorging van predikante wat volgens KO, art 13 medies ongeskik raak (Acta 2003:345-346) en die versorging van emeriti (Acta 2000:346), is die eervolle versorging van emeriti indringend met Klassisse aangespreek.
- 5.1.3.3 Die volgende voorstelle is aan die hand gedoen:
- (a) Elke Kerkraad met 'n emerituspredikant of –afhanklikes rapporteer jaarliks aan die Klassis oor die finansiële welsyn en versorging van emeriti in die ressort van die Klassis.
  - (b) Om met visitasie navraag te doen of arts 11,13 en 20 KO nagekom word.
  - (c) Die Klassis maak voorsiening vir 'n eie fonds om Kerkrade in die versorging van emeriti by te staan.

**Besluit: Kennis geneem.**

**5.1.4 Versorgingsbedrag**

**5.1.4.1 Vir die finansiële jaar 2004**

- (a) Die versorgingsbedrag is van R7 400 na R7 770 per maand per egpaar verhoog.
- (b) Die ramings vir EVT is vir die finansiële jaar 2004/2005 na R120.00 per belydende lidmaat verhoog.
- (c) Motivering
  - (i) Die verhoging in die versorgingsbedrag kom neer op 5%.
  - (ii) Met inagneming van die opdrag genoem in 5.1.1.2 en die gemelde evaluering gemeld onder hierdie opdrag, is op hierdie verhoging besluit.
  - (iii) In vorige evaluering is reeds daarop gewys dat die versorgingsvlak behoort te verbeter (Acta 2003:773, 1.1.1.3).
  - (iv) Die verhoging is nie net inflasie-gekoppel nie, maar om die emeriti versorgings-verantwoord (“eervol”) te versorg.

**5.1.4.2 Vir die finansiële jaar 2005**

- (a) Die versorgingsbedrag is behalwe 'n 3.5% verhoging van R7 770 tot R8 041 per maand per egpaar bykomend met 'n eenmalige verhoging in mediese subsidie verhoog. In totaal verteenwoordig dit 'n verhoging van 5.13%.
- (b) Die ramings vir EVT is vir die finansiële jaar 2005/2006 na R150.00 per belydende lidmaat verhoog.
- (c) Beredenering
  - (i) Die Aktuaris se aanbeveling was 3.5%.
  - (ii) Vir enige verhoging meer as 3.5% is die kerke verantwoordelik. Aangesien die Fonds tans 32% opbefonds is, kan 'n verhoging van meer as 3.5% nie hieruit befonds word nie.

(d) Motivering

- (i) Behalwe 'n verhoging van 3.5% is op 'n eenmalige verhoging in mediese subsidie, wat die verhoging op 5.13% te staan bring, besluit.
- (ii) 'n Styging in die ouderdomsprofiel van emeriti het 'n styging in mediese uitgawes tot gevolg. Die styging in die lewenskostes van emeriti het veral op mediese uitgawes betrekking.
- (iii) Die Deputate het 'n verantwoordelikheid om toe te sien dat die emeriti in die kombinasie tussen die kerke en die Fonds verantwoordbaar versorg word.

(e) Berekening

- (i) In die Fonds vir mediese versorging is opgehoopte fondse van R3 miljoen. 'n Eenmalige verhoging in die mediese subsidie (45% in plaas van 50%) uit die rente-opbrengs van hierdie Fonds, kan 'n verhoging van 5.13% moontlik maak. Die subsidieverhoging per individu word bereken in verhouding tot wat die subsidie tans is.
- (ii) 'n Reële verhoging van 5.13% (R332.15) word soos volg bereken:  
R7 770.00  
R 271.00 (+ 3.5%)  
R8 041.00  
R1 230.00 (- medies op 45% en nie 50%)  
R6 811.65

**Besluit: Kennis geneem.**

5.1.5 Verhoging van befondsingsvlak

5.1.5.1 Volgens die aktuariële berekening van die Aktuaris is die Fonds 32% opbefonds. Dit beteken dat indien die Fonds nou sou moes uitbetaal, word 32% uitbetaal.

5.1.5.2 Tans staan die Fonds op R47,521,896 en vir 'n totale opbefondsing word R109 miljoen benodig.

5.1.5.3 Die Trustees het deurlopend aan weë en middele aandag gegee hoe om die befondsingsvlak te verhoog sodat die versorging van die emeriti volhoubaar en verantwoordbaar kan plaasvind.

5.1.5.4 Benewens die weë en middele wat in die Reglement en Ordereëling vasgelê is, naamlik: ramings (en ramings wat nominaal verhoog); verpligte kollektes en vrywillige bydraes deur Kerkrade en individue, is Kerkrade per skrywe tot hulp in die verhoging van die befondsingsvlak aangespoor deur een (1) ekstra vrywillige bydrae aan die Emeritaatsfonds af te staan. Verder is Kerkrade, gemeentes, Klassisse en individue besoek om hierdie saak onder verdere aandag van die kerkverband te bring en navrae in die verband te beantwoord.

5.1.5.5 Die Trustees het die Bestuur van die Administratiewe Buro versoek om indringend aandag daaraan te gee dat die *Dankbaarheidsfonds*, waarvan 'n derde van die opbrengs aan die Emeritaatsversorgingstrust toegedeel word, van die grond af kom.

**Besluit: Kennis geneem.**

5.1.6 Doelgerigte versterking en uitbouing van die Fonds

5.1.6.1 In 'n brosjure rakende verpligte kollektes deur die Administratiewe Buro opgestel en uitgegee om in die kerkverband te versprei, is die doel van die Fonds opnuut onder die aandag van kerkrade en lidmate gebring.

- 5.1.6.2 Deurlopend is met die Bestuur van die Administratiewe Buro geskakel om te verneem en toe te sien dat agterstallige/uitstaande ramings ingevorder word. 'n Beroep is op Kerkrade gedoen om ramings op ontvangs van rekening te betaal. Indien hieraan nie voldoen kan word nie, is Kerkrade versoek om ramings ten minste maandeliks vooruit te betaal. Kennis kan daarvan geneem word dat min rente op agterstallige EVT-ramings afgeskryf word.
- 5.1.6.3 Ten einde insae in die stand van kollektes vir die EVT te verkry, is die Administratiewe Buro versoek om kwartaalliks die Trustees van verslae te voorsien.

**Besluit: Kennis geneem.**

5.1.7 Vraelys aan kerkrade en emeriti

- 5.1.7.1 Bykomend tot 'n vraelys deur die Bestuur van die Administratiewe Buro rakende finansies van die kerke opgestel, is vrae rakende emeriti (byvoorbeeld: behuising, versorging) ingesluit.
- 5.1.7.2 Oor die uitkoms hiervan word aanvullend gerapporteer.

**Besluit: Kennis geneem.**

5.2 *Sake waaroor die ledevergadering moet besluit*

5.2.1 Emeriti se versorging

- 5.2.1.1 Verskeie Sinodebesluite wys op die aandag wat aan emeriti se versorging gegee moet word.
- 5.2.1.2 Die Trustees het in die uitvoering van hierdie opdragte ook op die volgende besluit:
- (a) 'n Databasis word opgestel ten opsigte van Klassisse en Partikuliere Sinodes waarin emeriti, weduwees en afhanklikes hulle bevind.
  - (b) Genoemde inligting bekom word onder die aandag van Klassisse en Partikuliere Sinodes gebring.
  - (c) Klassisse moet die Trustees laat weet wat ten opsigte van emeriti se versorging gedoen word en of hulle op hoogte van emeriti se versorging in hulle ressort is.

**Besluit: Kennis geneem.**

5.2.2 KO, artikel 12

- 5.2.2.1 Indien die weg van KO, art 12 opgegaan word om tot 'n ander staat van die lewe oor te gaan, is van drastiese implikasies ten opsigte van versorging sprake.
- 5.2.2.2 Op grond van navrae en advies hieroor gevra, is besluit om 'n standaardskrywe hieroor aan Partikuliere Sinodes op te stel.
- 5.2.2.3 In hierdie standaardskrywe word die volgende implikasies onder die aandag van Partikuliere Sinodes gebring waarop gelet moet word indien die weg van KO, art 12 opgegaan word:
- (a) Ten opsigte van EVT-voordele word alle voordele ingeboet.
  - (b) Ten opsigte van PPF word die regmatige aandeel (RA) minus belasting uitbetaal.
  - (c) Lidmaatskap van die Mediese Fonds waaraan die kerke behoort verval. Die betrokke kan individueel/privaat om lidmaatskap by die Mediese Fonds waaraan die kerke behoort aansoek doen.

**Besluit: Kennis geneem.**

5.2.3 Betalingsadvies

- 5.2.3.1 Tot die standaardprosedures waarvan die Trustees moet toesien dat dat die Administratiewe Buro dit uitvoer (Acta 2003:770, 5.2) word die volgende

toegevoeg: *die betalingsadvies, wat by maandelikse uitbetalings voorsien moet word, geld ook vir die emeriti.*

#### 5.2.3.2 Volledigheidshalwe word die standaardprosedures gelys:

- (i) Toesien dat die Fonds jaarliks geoudit word.
- (ii) Jaarlikse uitneem van gebeurlikheidspolis.
- (iii) Maandelikse oorbetalings van versorging, mediese premies en belasting.
- (iv) Uitreik van IRP5-vorms gedurende Maart.
- (v) Maandelikse uitreik van betalingsadvies.
- (vi) Jaarlikse verkryging van lewensverklaring.
- (vii) Jaarlikse brief aan emeriti om te verseker dat emeriti en/of afhanklikes van emeriti eervol versorg word.
- (viii) Jaarlikse brief aan emeriti waar kinders bo/onder 18 jaar is wat nog versorg moet word.
- (ix) Die jaarlikse aktuariële waardering van Trust.
- (x) Bevestiging van geboortedatums – predikante en professore.
- (xi) Op datum hou van besonderhede van predikante wat emeriteer, oorgaan tot 'n ander staat van lewe, ens.
- (xii) Om 'n lys van meewerkende kerke soos vervat in Acta 1997:220 ev op datum te hou deur kerke wat uit die kerkverband tree af te haal en kerke kerke wat ontbind, saamsmelt en naamsveranderinge ondergaan aan te bring.

**Besluit: Kennis geneem.**

#### 5.2.4 Rekening en tekenregte

5.2.4.1 Die voorsitter van die Trustees mag na goedkeuring deur die Trustees rekeninge oopmaak.

5.2.4.2 Twee (2) van die volgende amptenare, naamlik: die direkteur, rekenmeester, fondsbestuurder of administratiewe bestuurder word gemagtig om tjeks te teken.

**Besluit: Kennis geneem.**

### 5.3 *Opdragte*

5.3.1 Wysigings aan die Trustakte, indien enige, moet aan die Meester van die Hooggeregshof deurgegee word.

5.3.2 Die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie handhaaf die huidige vlak van versorging met inagneming van heersende omstandighede, aan die hand van die inflasiekoers soos deur die Sentrale Statistiekdiens gepubliseer en in oorleg met die Aktuaris, na gelang van beskikbare fondse. Die Trustees sien toe dat die opdrag uitgevoer word.

5.3.3 Die databasis ten opsigte van Klassisse en Partikuliere Sinodes waar emeriti, weduwees en afhanklikes hulle bevind, word bygehou. Met Klassisse word opgevolg wat ten opsigte van emeriti se versorging gedoen word en of hulle op hoogte van emeriti se versorging in hulle ressort is.

#### 5.3.4 Addisionele hulp aan emeriti

5.3.4.1 Die opdrag: *Addisionele hulp aan emeriti* (Acta 2003:772, 5.3.3.1–5.3.3.3) word 'n staande opdrag om op te volg en *om in voorkomende gevalle hieroor aan die ledevergadering te rapporteer.*

5.3.4.2 Punt 5.3.3.1 (Acta 2003:772) verander om soos volg te lees: “Die Trustees van die Emeritaatsversorging kry opdrag om by Kerkrade waar emeriti

addisionele hulp ontvang, nuwe begrotings te kry, ten einde die voortsetting van voortgesette addisionele hulp te kan bepaal”.

- 5.3.5 Die ledevergadering doen ‘n ernstige beroep op alle meewerkende kerke om stiptelik die betaling van ramings na te kom. Aan die Trustees word opgedra om die noodsaak hiervan tot versorging van die emeriti en hulle afhanklikes gereeld onder die aandag van die kerke te bring, agterstallige/uitstaande ramings gereeld op te volg en die debietorder by die kerke aan te beveel.
- 5.3.6 Die kerke hou weer sewe kollekte per jaar en betaal dit aan die Emeritaatsversorgingstrust. Die Trustees vestig Kerkrade se aandag op bewusmaking van die doel van hierdie kollekte in die gemeentes.
- 5.3.7 Versterking en uitbouing van die Fonds
- 5.3.7.1 Die Trustees ondersoek weë en middele om die Fonds te versterk en uit te bou en vestig die aandag van die kerke daarop.
- 5.3.7.2 Indringende aandag word aan samewerking met die Administratiewe Buro gegee om die *Dankbaarheidsfonds* uit te bou.
- 5.3.8 Gee uitvoering aan alle sake waarvoor die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie besluit het.
- 5.3.9 Gee uitvoering aan alle sake wat kragtens die Reglement van die Gereformeerde Emeritaatsversorgingskombinasie en die Ordereëling vir Emeritaatsversorging aan hulle opgedra is.
- 5.3.10 Om alle sake wat voortspruit uit die samewerking van kerke in terme van KO, artt 13 en 20 te hanteer.
- 5.3.11 Wys kragtens die Reglement ‘n Aktuaris aan.
- 5.3.12 Die Ledevergadering dra dit aan die Trustees op om die saak opnuut onder die aandag van Kerkrade te bring dat die versorgingsbedrag van predikante in baie gevalle nie eervol is nie. Kerkrade moet in dié gevalle addisioneel, met ander woorde bykomend, voorsien in die behoeftes.

**Besluit: Goedgekeur.**

## **M. AANVULLENDE RAPPORT**

### **1. Sake waarvan die Ledevergadering kennis moet neem**

- 1.1 *Reglement Studiefonds*: Die Trustees het toegesien dat hierdie Reglement regskundig nagegaan word.

**Besluit: Kennis geneem.**

#### 1.2 *Ramings 2005 / 2006*

- 1.2.1 ‘n Verhoging van 13.5% (R150 per belydende lidmaat) is goedgekeur.
- 1.2.2 ‘n Kommissie van die Trustees is aangewys om die glyskaal soos van toepassing na te gaan.
- 1.2.3 Na samesprekings met die Aktuaris is ooreengekom dat die Trustees die ramings vir die volgende 3 jaar matig kan aanpas.

**Besluit: Kennis geneem.**

#### 1.3 *Oproep spesiale kollekte*

- 1.3.1 In ‘n skrywe aan die kerke is ‘n oproep gedoen om spesiale bydraes vir die EVT om sodoende die kontantvloei aan te help en dat die EVT-fonds meer aggressief kan groei deur dat daar nie van die beleggings onttrek hoef te word nie.
- 1.3.2 Met dankbaarheid kan daarvan kennis geneem word dat hierdie kollekte R19 400 beloop het.

**Besluit: Kennis geneem.**



#### 1.4 *Vraelyste*

1.4.1 Bykomend tot 'n vraelys deur die Bestuur van die Administratiewe Buro opgestel, was vroeë rakende die emeriti ingesluit.

1.4.2 Oor die uitkoms hiervan sal in 2006 aan kerke – waar nodig – gerapporteer word.

**Besluit: Kennis geneem.**

#### 1.5 *Aktuariële waardering*

1.5.1 Die aktuariële waardering vir die termyn 2002 tot 2005 word hierby aangeheg.

1.5.2 Die Aktuaris sal DV 9 Januarie 2006 die Ledevergadering toespreek.

**Besluit: Kennis geneem.**

#### 1.6 *Verhoging in versorging*

1.6.1 Na samesprekings met die Aktuaris sal die te benoeme Trustees in Februarie 2006 besluit oor die aanbeveling van 'n 4.5% verhoging vir die boekjaar 2006.

**Besluit: Kennis geneem.**

#### 1.7 *Multifondsbestuurders*

1.7.1 Die Trustees van die Emeritaatsversorgingstrust het na voorleggings op 3 November 2005 deur onderskeidelik PSG Konsultante, Investec Private Bank en Advantage, besluit om te bly by Advantage as die Emeritaatsversorgingstrust se Multifonds-Fondsbestuurders.

**Besluit: Goedgekeur.**

## 2. *Sake waaroor die Ledevergadering moet besluit*

### 2.1 *Kollektes vir EVT*

2.1.1 Nagenoeg 25% van die kerke betaal nie kollektes vir EVT aan die Administratiewe Buro oor nie.

**Besluit: Met kommer kennis geneem.**

2.1.2 Dit wil voorkom asof gemeentes nie altyd presies weet waarvoor hierdie kollektes bestem is nie.

**Besluit: Met kommer kennis geneem.**

2.1.3 Kerke word opgeroep om aandag aan die stiptelike oorbetalings van kollektes te gee.

**Besluit: Goedgekeur.**

2.1.4 Aan die Trustees vir die volgende termyn word opdrag gegee om 'n bekenstelling van die doel van hierdie kollekte vir gebruik deur Kerkrade te formuleer en op te stel.

**Besluit: Goedgekeur.**

2.1.5 Dat daar weer sewe (7) verpligte kollektes per jaar gehou sal word.

**Besluit: Goedgekeur.**

### 2.2 *State en stand van Fondse*

2.2.1 Die state en stand van Fondse is ook tydens die jaarlikse vergadering van die Bestuur van die Administratiewe Buro met die afgevaardigdes van die Partikuliere Sinodes bespreek en behandel.

**Besluit: Kennis geneem.**

### 2.3 *Waarderingsverslag van die Aktuaris*

**AKTUARIËLE VERSLAG INSAKE DIE EMERITAATSVERSORGINGSTRUST  
VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA  
SOOS OP 1 JULIE 2005**

**AFDELING 1**

**INLEIDING**

- 1.1 Hierdie verslag word gerig aan die Trustees van die Emeritaatsversorgingstrust (hierna die Fonds genoem).
- 1.2 Die Fonds is nie 'n geregistreerde Pensioenfonds nie, en is gevolglik nie onderhewig aan die toesigging van die Registrateur van Pensioenfondse of aan die bepalings van die Pensioenfondswet nie. Die Fonds bied spesifiek nie voordele aan enige emeriti nie, en is uitsluitlik daargestel om as 'n reserwefonds te fungeer sodat Kerkrade wat vir die versorging van emeriti verantwoordelik is, indien hulle dit nodig sou vind, vanuit die Fonds kragtens sekere bepaalde riglyne finansiële bystand ten opsigte van sodanige versorging kan ontvang.
- 1.3 Die vorige aktuariële berekeninge vir die Fonds is soos op 1 Julie 2002 gedoen.

**AFDELING 2**

**BESONDERHEDE VAN DIE FONDS**

- 2.1 Die Fonds bied aan Kerkrade ten opsigte van bestaande emeriti asook ten opsigte van die afhanklikes van afgestorwe emeriti en voormalige predikante bystand ten opsigte van die versorgingsvoordele wat deur sodanige Kerkrade aan die betrokkenes betaal word, in die vorm van 'n maandelikse voordeel. Die Fonds is vanaf 30 Junie 1994 vir nuwe deelnemers gesluit en bied na hierdie datum, benewens die voordele wat dit reeds betaal, ook voordele ten opsigte van toekomstige emeriti op 'n pro rata-basis wat met hulle tydperk in die bediening tot en met 30 Junie 1994 verband hou.  
Die voordele wat by bereiking van ouderdom 65 jaar onder die Fonds ten opsigte van 'n predikant beskikbaar gestel kan word, word gebaseer op sy aantal jare in die bediening tot 30 Junie 1994, met dien verstande dat ten opsigte van alle predikante wat later as ouderdom 27 jaar tot die bediening toegetree het, vir doeleindes van hierdie voordeelberekeninge aanvaar sal word dat sodanige predikante op ouderdom 27 jaar tot die bediening toegetree het.  
Ten opsigte van 'n predikant wat byvoorbeeld op ouderdom 30 jaar tot die bediening toegetree het en wat op 30 Junie 1994 50 jaar oud was, sal die gedeelte van die volle voordeel wat deur die Fonds beskikbaar gestel kan word, dus  $(50 - 27) \div (65 - 27) = \frac{23}{38}$ stes van die volle voordeel soos van toepassing op die datum van sy emeritering (in hierdie geval dus 30 Junie 2009), beloop.  
Ten opsigte van 'n predikant wat voor ouderdom 27 jaar tot die bediening toegetree het, sal die volle tydperk vanaf sy werklike toetreedatum tot 30 Junie 1994 in berekening gebring word.  
Sover dit professore en kapelane betref, sal slegs die periode tussen ouderdom 27 jaar (of vroeëre toetree-ouderdom) en die ouderdom waarop elke sodanige persoon 'n lid van 'n ander tersaaklike pensioenfonds geword het, vir hierdie doel in berekening gebring word.

- 2.2 Die volle voordeel wat betaalbaar is, beloop tans R8 041 per maand en word volgens die diskresie van die Trustees hersien, wat in hulle beoordeling ten opsigte van sodanige hersiening veral die heersende inflasiekoers en die finansiële vermoë van die Fonds en van die lidmate van die Kerk in ag neem. Die volle voordeel van R8 041 per maand is ten opsigte van 'n egpaar betaalbaar. In geval van 'n wewenaar/vrygesel/weduwee is 70% van die volle versorgingsvoordeel betaalbaar, terwyl in geval van elke afhanklike kind, 10% van die volle versorgingsvoordeel betaalbaar is (dubbel indien albei ouers oorlede sou wees).
- Ten opsigte van predikante wat tussen ouderdomme 60 jaar en 65 jaar emeriteer word die voordeel verminder met 8% vir elke jaar waarmee die datum van emeritering ouderdom 65 jaar voorafgaan, terwyl vir predikante wat voor ouderdom 60 jaar emeriteer die voordeel met 'n verdere 4% verminder word vir elke jaar waarmee die datum van emeritering ouderdom 60 jaar voorafgaan.
- 2.3 Volgens die inligting wat tot my beskikking gestel is, is die besonderhede van die persone ten opsigte van wie bystand tans deur die Fonds aan Kerkrade gebied word, soos volg:

	<u>Aantal</u>	<u>Totale maandelikse voordeel soos op 1 Julie 2005</u>
Getroud	87	R623 628
Wewenaars	13	R 64 124
Weduwees	39	R215 621
Afhanklike kinders	7	R 7 233
Voormalige professore	10	R 56 631
Totaal	<u>156</u>	<u>R967 237</u>

Die aantal persone ten opsigte van wie bystand tans deur die Fonds aan Kerkrade gebied word, het sedert die vorige berekeningsdatum soos volg gewysig:

	<u>Mans</u>	<u>Dames</u>	<u>Kinders</u>	<u>Totaal</u>
Aantal op 1 Julie 2002	103	40	14	157
Plus nuwe persone	19	9	0	28
Minus sterftes/stakings	<u>12</u>	<u>10</u>	<u>7</u>	<u>29</u>
Aantal op 1 Julie 2005	110	39	7	156

- 2.4 Ek het ook inligting ontvang ten opsigte van 188 predikante, 3 kapelane en 7 professore wat op 30 Junie 1994 reeds professore was ten opsigte van wie bystand in die toekoms deur die Fonds aan Kerkrade gebied mag word, maar wie tans nog nie geëmeriteer het nie. Op die vorige berekeningsdatum was daar 212 predikante, 3 kapelane en 10 professore wat op 30 Junie 1994 reeds professore was. Die gemiddelde ouderdom van die predikante, professore en kapelane soos op 1 Julie 2005 is 51,0 jaar, teenoor 49,3 jaar op die vorige berekeningsdatum.

2.5 Gedurende die periode 1 Julie 2002 tot 30 Junie 2005 was die inkomste- en uitgawes van die Fonds soos volg (R'000):

<u>Inkomste</u>		R41 479
Ramings	R21 301	
Netto beleggingsverdienste	R17 146	
Ander	<u>R 3 032</u>	
<u>Uitgawes</u>		R33 937
Voordele betaal	R33 266*	
Ander	<u>R 671</u>	
Netto inkomste		<u>R 7 542</u>

\* 'n Debiteur van R1 484 000 ten opsigte van voordele wat namens die Mediese versorgingstrust deur die Fonds gedurende die periode 30 Junie 2002 tot 30 Junie 2003 betaal is, is hierby in ag geneem.

2.6 Tydens die vorige berekeninge was die bates van die Fonds in 'n markwaardeportefeulje van Advantage (voorheen mCubed), in geldmarkportefeuljes van Investec en ENB sowel as in Ou Mutual demutualiseringsaandele belê. Gedurende Augustus 2002 is die bates in die geldmarkportefeulje van Investec gerealiseer, terwyl die Ou Mutual demutualiseringsaandele gedurende November 2004 verkoop is.

2.7 Die batesamestelling van die Fonds op 1 Julie 2005 was soos volg (R'000):

	<u>Advantage</u>	<u>ENB</u>	<u>Totaal</u>	<u>% van totaal</u>
Aandele	R30 010	-	R30 010	58,9%
Effekte	R12 042	-	R12 042	23,6%
Likiede bates				6,9%
Internasionaal: aandele				7,0%
Internasionaal: effekte				3,6%
Totaal	R50 726	R227	R50 953	100,0%

2.8 Die beleggingsopbrengs wat gedurende die tydperk 1 Julie 2002 tot 30 Junie 2005 op die markwaarde van die bates van die Fonds behaal is, het gemiddeld 13,5% per jaar beloop.

2.9 Die voordele wat deur die Fonds beskikbaar gestel word, is in die verlede jaarliks aangepas in so 'n mate dat die reële waarde daarvan grootliks gehandhaaf is. Dit impliseer dat 'n wesentlike gedeelte van die bates van die Fonds ook sover moontlik in bates belê behoort te wees waarvan die inherente waarde as inflasiebestand beskou kan word, sodat die reële waarde van die bates ook beskerm kan word. Beleggings in aandele en vaste eiendom word normaalweg as beleggings beskou wat aan hierdie vereistes voldoen.

Uit die bogenoemde tabel blyk dit dat ongeveer 66% van die bestaande beleggings van die Fonds tans in sogenaamde groeibates gemaak word, teenoor 70% soos op 1 Julie 2002.

Ek is van mening dat die Fonds voldoende blootstelling aan inflasiegekoppelde beleggings het.

## AFDELING 3

### BEREKENINGSBASIS

3.1 Ten einde die huidige finansiële stand van die Fonds te beoordeel, het ek 'n waarde geplaas op die verwagte toekomstige verpligtinge van die Fonds, asook die toekomstige middele waaroor die Fonds na verwagting sal beskik.

3.2 Die huidige waarde van verpligtinge is bereken ten opsigte van alle huidige voordeelbetalings, asook alle verwagte toekomstige voordeelbetalings ten opsigte van bestaande predikante insoverre dit hulle tydperk in die bediening tot en met 30 Junie 1994 betref. Vir doeleindes van hierdie berekening het ek aannames gemaak omtrent die verwagte toekomstige beleggingsopbrengs op die bates van die Fonds, die verwagte toekomstige praktyk van die Fonds ten opsigte van verhogings in die voordeelbedrae, sowel as die toekomstige ondervinding van die Fonds met betrekking tot sterftekoerse ten opsigte van predikante, emeriti en weduwees.

Die aannames wat ek gebruik het verskil in een opsig van die wat tydens die vorige berekening van die Fonds gebruik is. Ingevolge die berekeningsbasis wat ten tye van die vorige berekening gebruik is, is voorsiening daarvoor gemaak dat die beleggingsopbrengs wat die Fonds verdien oor die langtermyn gemiddeld 2,5% per jaar hoër as die jaarlikse inflasiekoers sal wees en spesifiek dat die verwagte beleggingsopbrengs 10,0% per jaar en die gemiddelde onderliggende inflasiekoers 7,5% per jaar sal beloop.

In die lig van huidige verlaging in verwagtinge met betrekking tot inflasie oor die langtermyn is ek van mening dat die verwagte koers van inflasie dienoreenkomstig verlaag behoort te word. Aangesien beleggingsopbrengs na verwagting oor die langtermyn aan inflasie verwant is en wel na my mening tot so 'n mate dat dit inflasie met gemiddeld 2,5% per jaar behoort te oorskry, het ek ook besluit om die verwagte beleggingsopbrengs wat oor die langtermyn op die bates behaal behoort te kan word tot dieselfde mate te wysig. Ek het gevolglik besluit om my waarderingaannames te wysig deur die waarderingsrentekoers na 7,5% per jaar en die verwagte inflasiekoers na 5,0% per jaar te verlaag. Dit beteken egter dat daar in die berekeningsbasis steeds vir 'n verskil van 2,5% tussen die twee betrokke koerse voorsiening gemaak word, sodat hierdie wysiging in die waarderingaannames geen addisionele koste vir die Fonds tot gevolg het nie. Hierdie verhouding tussen die beleggingsopbrengs en die jaarlikse inflasiekoers, kan as die sentrale element van my berekeningsbasis beskou word. Die aannames wat ek vir my berekening gebruik het, word in Aanhangel A uiteengesit.

3.3 Wanneer op 'n berekeningsbasis vir die Fonds besluit word, is dit noodsaaklik dat die verwagte toekomstige praktyk met betrekking tot voordeelvlakke en ramings in so 'n basis in ag geneem word.

Soos reeds genoem is, het die Fonds tot dusver die beleid gevolg dat alle voordeelbedrae jaarliks verhoog is om tot 'n groot mate in reële terme konstant te bly, beide insoverre dit voordele ten opsigte van nuwe voordeelgeregtigdes, en voordele ten opsigte van bestaande emeriti, weduwees en kinders betref. Dit sal ook in die toekoms steeds die oogmerk bly wanneer die voordeelbedrae jaarliks hersien word dat geen onderskeid, anders as die pro rata-verskille voortspruitend uit elke predikant se tydperk in die bediening tot 30 Junie 1994,

tussen die voordele ten opsigte van nuwe voordeelgeregtigdes en die voordele ten opsigte van bestaande emeriti, weduwees en kinders gemaak sal word nie. Die omvang van sodanige jaarlikse hersiening sal, soos reeds genoem is, egter afhanklik wees van die finansiële stand van die Fonds soos wat dit van tyd tot tyd sal verander, en sal ook geskied met inagneming van die heersende inflasiekoers en van die finansiële vermoë van die lidmate van die Kerk. Die voordeelbedrae sal gevolglik nie noodwendig in die toekoms in reële terme konstant bly nie - ingevolge die resultate wat hierna uiteengesit word kan intendeel verwag word dat die reële waarde van sodanige voordeelbedrae in die toekoms stelselmatig mag daal.

- 3.4 Dit is belangrik dat duidelike onderskeid getref word tussen die opbrengskoers waarvoor in my berekening voorsiening gemaak word, en die koers waarteen die voordeelbedrae na verwagting jaarliks sal verhoog.

Ek het vir die doeleindes van my berekening vir die verwagte toekomstige verpligtinge van die Fonds 'n verdiskonteringskoers van 5,0% per jaar gebruik. Dit het die effek dat voorsiening daarvoor gemaak word dat bestaande en toekomstige voordeelbetalings jaarliks verhoog sal kan word tot die mate waartoe die beleggingsopbrengs wat op die bates van die Fonds verdien word, hoër as 5,0% per jaar is. Indien 'n beleggingsopbrengs van 7,5% per jaar dus byvoorbeeld in 'n gegewe jaar behaal sou word, beteken dit dat voordele op daardie stadium met 2,5% verhoog sal kan word. Indien die inflasiekoers in so 'n jaar 5,0% sou beloop, beteken dit dus ook dat sodanige verhoging in voordele op daardie stadium 2,5 persentasiepunte laer as die inflasiekoers sal wees.

Dit sou uiteraard die ideaal wees dat die voordeelverhogings wat toegestaan word met die inflasiekoers tred hou. Dit is egter nodig om 'n balans te vind tussen bekostigbaarheid aan die een kant, en redelike voordele ten opsigte van emeriti en hulle afhanklikes aan die ander kant. Indien voordele teen 'n hoër koers verhoog sou word as wat ingevolge die beleggingsopbrengs bekostig kan word, sal dit insgelyks vereis dat die ramings ook teen 'n hoër koers moet styg. Die vereiste styging in die ramings sal egter in so 'n geval groter wees as die koers waarteen die voordele verhoog word.

Dit blyk dus duidelik uit die bovermelde beredenering dat die optimalisering van die beleggingsopbrengs op die bates van die Fonds 'n uiters belangrike rol sal speel ten opsigte van die toekomstige gunstige finansiële verloop van die Fonds.

- 3.5 Die inkomste van die Fonds bestaan hoofsaaklik uit sekere ramings wat per lidmaat betaalbaar is, en wat vanaf 1 Julie 2005 gemiddeld R150 per lidmaat per jaar beloop, asook ad hoc inbetalings en gereelde kollekte deur gemeentes. Daar word in die vooruitsig gestel dat die toekomstige jaarlikse aanpassing in die ramings sodanig sal wees dat dit nooit die jaarlikse inflasiekoers tot enige beduidende mate sal oorskry nie, hoewel die werklike aanpassing uiteraard veral afhanklik sal wees van die finansiële stand van die Fonds soos dit van tyd tot tyd sou verander.

- 3.6 Die waarde wat vir berekeningsdoeleindes op die bestaande bates van die Fonds geplaas word, moet op so 'n wyse bereken word dat dit tred hou met die basis waarvolgens die verpligtinge van die Fonds bereken word. Hierdie waarde word verteenwoordig deur die verdiskonteerde waarde van die verwagte beleggingsinkomste wat op die bates van die Fonds behaal sal word, met inagneming van die risiko verbonde aan elke belegging en met voldoende voorsiening vir toekomstige fluktuasies in die beskikbare herbeleggingskoers.

Ten opsigte van die belegging by Advantage is ek van mening dat die markwaarde van die bates, aangepas op so 'n wyse dat die effek van enige korttermynfluktuasies daarop uitgeskakel word, die toepaslike langtermynwaarde daarvan verteenwoordig.

Ten einde die effek van korttermynfluktuasies in die markwaarde van dié bates uit te skakel, het ek 'n metode gevolg waarvolgens 'n langtermyn waarde vir bates in die beleggingsportefeulje op 'n maandelikse basis bepaal word deur die werklike opbrengs wat oor die voorafgaande jaar behaal is telkens met 'n aangepaste opbrengs te vervang. Die aangepaste opbrengs word verteenwoordig deur die gemiddelde reële opbrengs wat in die verlede op die beleggingsportefeulje behaal is, by die werklike styging in 'n inflasiemaatstaf (VPIX) oor die ooreenkomstige periode by te tel. Sodanig word 'n batewaarde op elke maandeinde tot en met die berekeningsdatum verkry wat 'n meer stabiele patroon oor tyd as die werklike markwaardes toon. Die berekende maandelikse waardes word daarna sodanig aangepas dat die waarskynlikheid oor die langtermyn kleiner as 2,5% is dat die aktuariële waarde van die bates die markwaarde daarvan oorskry. Die waarde wat ek so bereken het, bedra R44 813 000 en verteenwoordig ongeveer 88,3% van die ooreenstemmende markwaarde soos op 30 Junie 2005.

Ten opsigte van die bates wat in die geldmarkportefeulje van ENB belê is, is ek van mening dat die volle totale saldo van hierdie belegging die toepaslike langtermynwaarde daarvan verteenwoordig. Ek het gevolglik besluit om hierdie bates teen die totale waarde van R227 000 in berekening te bring.

Op die berekeningsdatum was daar verder totale netto bedryfsbates ten bedrae van nagenoeg R1 999 000 onder die Fonds. Hierdie bedrag sluit die debiteur ten bedrae van R1 484 000, soos in paragraaf 2.5 genoem, in.

- 3.7 Die totale waarde wat ek vir die doeleindes van my berekening op die bates van die Fonds soos op 1 Julie 2005 geplaas het, beloop dus R47 039 000. Gebaseer op hierdie waarde en met inagneming van die waarde wat ek vir my berekening soos op 1 Julie 2002 op die bates van die Fonds geplaas het asook die kontantvloei gedurende die tydperk vanaf 1 Julie 2002 tot 30 Junie 2005, beteken dit dat die effektiewe beleggingsopbrengs wat ek vir die doeleindes van my berekening in ag geneem het 10,0% per jaar beloop het, teenoor die werklike opbrengs op 'n markwaardebasis bereken van 13,5% per jaar soos reeds in paragraaf 2.8 genoem is.
- 3.8 Die waarde wat op die toekomstige inkomste van die Fonds geplaas word wat by wyse van ramings ontvang sal word, is bereken in terme van die berekeningsaannames en voorsiening is dus gemaak dat die ramings in die toekoms op 'n gereelde basis sal verhoog. My berekening is verder gebaseer op die aanname dat daar tans 70 880 belydende lidmate in die Kerk is, wat in die toekoms teen 'n tempo van ongeveer 1,0% per jaar sal verminder. Ek het ook aanvaar dat ongeveer 7,5% van die jaarlikse ramings nie ontvang sal word nie, maar dat die effek hiervan geneutraliseer sal word deur inkomste wat op 'n ander wyse ingesamel mag word.

## AFDELING 4

### FINANSIËLE STAND VAN DIE FONDS

- 4.1 Gebaseer op die berekeningsbasis en ander aannames in Afdeling 3 uiteengesit, is die verpligtinge van die Fonds vervolgens bereken. Die resultate van my berekening is soos volg:

Verpligtinge ten opsigte van:

	(R'000)
Bestaande voordeelbetalings	R108 245
Verwagte toekomstige voordeelbetalings ten opsigte van bestaande predikante	R 40 782
Totaal	<hr/> R149 027
Minus waarde geplaas op bates	R 47 039
Tekort	<hr/> R101 988
Befondsingsvlak	31,6%

Dit beteken dat die Fonds, nadat voorsiening gemaak is vir jaarlikse verhogings in voordeelbedrae teen 'n koers van 2,5% per jaar laer as die verwagte inflasiekoers, 'n befondsingsvlak van 31,6% soos op 1 Julie 2005 het, teenoor 'n befondsingsvlak van 32,0% soos op 1 Julie 2002.

- 4.2 Soos reeds in paragraaf 3.5 genoem is, beloop die gemiddelde raming tans R150 per lidmaat per jaar wat vir die befondsing van die tekort van R102-miljoen aangewend sal word. Hierdie ramings sal jaarliks verhoog word teen 'n koers wat verband sal hou met die koers waarteen voordele verhoog word, op 'n basis soos wat deur die Trustees in oorleg met die Aktuaris bepaal sal word.

- 4.3 Ek het 'n kontantvloeioprojeksie vir die Fonds gedoen ten opsigte van die volgende 15 jaar. Vir die doeleindes van my berekening het ek aanvaar dat die gewysigde berekeningsaannames bewaarheid sal word, dit wil sê ek het aanvaar dat die Fonds gedurende hierdie tydperk 'n beleggingsopbrengs van 7,5% per jaar op sy bates sal behaal, dat die voordeelbedrae sowel as die ramings met 2,5% per jaar sal verhoog en dat sterftekoeerse ooreenkomstig die sterftekoeerse in Aanhangel A sal wees.

Die resultate van my berekening word in Aanhangel B uiteengesit en toon dat, indien beide die ramings en voordeelbedrae in die toekoms teen 2,5% per jaar, oftewel 2,5% laer as inflasie, verhoog word, die ramings na verwagting teen ongeveer 2020 gestaak sal kan word. Indien voordeelbedrae egter teen byvoorbeeld 1% per jaar meer as ingevolge my berekeningsaannames verhoog sou word of indien beleggingsopbrengs byvoorbeeld 1% per jaar laer sou wees, verander hierdie datum na 2025. Dit is dus duidelik dat die resultate van die projeksie baie sensitief vir sekere veranderlikes is. Die werklike ondervinding van die Fonds speel dus 'n groot rol in die verloop van die finansiële posisie van die Fonds en weens die langtermyn aard van die projeksie behoort daar nie te veel klem op die resultate ten opsigte van die latere jare geplaas te word nie.

Die kontantvloeioprojeksies wat ten tye van die 1 Julie 2002 berekening gedoen is, het getoon dat die Fonds na verwagting in 2034 befonds behoort te wees indien die berekeningsaannames bewaarheid sou word. Soos hierbo genoem



word vermag dat die Fonds nou reeds in 2020 befonds behoort te wees. Hierdie verbetering kan hoofsaaklik aan die effek van die aansienlike verhogings in die ramings per lidmaat per jaar sedert die vorige berekeningsdatum toegeskryf word, wat gedeeltelik deur minder lidmate as wat ten opsigte van die projeksie op die vorige berekeningsdatum vermag is, teengewerk is.

Ek is van mening dat dit sinvol sal wees om hierdie kontantvloei-projeksie in die toekoms gereeld te herhaal ten einde die Trustees van die Fonds in staat te stel om die finansiële verloop van die Fonds na behore te kan beoordeel.

4.4 Die resultate hierbo uiteengesit vergelyk goed met die resultate van my berekening soos op 1 Julie 2002. 'n Analise van die ondervinding van die Fonds gedurende die berekeningsperiode het die volgende items uitgewys waarvan kennis geneem behoort te word:

- Die verhogings in voordele gedurende die berekeningsperiode was laer as wat ingevolge die beleggingswinsts onder die Fonds bekostig kon word sodat 'n surplus hieruit vir die Fonds ontstaan het.
- Minder lede as wat ingevolge die berekeningsaannames vermag is het gedurende die berekeningsperiode tot sterwe gekom sodat 'n tekort hieruit vir die Fonds ontstaan het.
- Gedurende die berekeningsperiode was inkomste vanuit ander bronne nie genoegsaam om die jaarlikse ramings wat nie ontvang is nie, te neutraliseer nie. Gegewe die afgelope 2 berekeningsperiodes se ondervinding in hierdie verband is ek egter steeds tevrede met my aanname in hierdie verband, naamlik dat ongeveer 7,5% van die jaarlikse ramings nie ontvang sal word nie, maar dat die effek hiervan deur inkomste wat op 'n ander wyse ingesamel mag word, geneutraliseer sal word.
- Op die vorige berekeningsdatum is daar 'n voorsiening ten opsigte van voordele wat namens die Mediese versorgingstrust deur die Fonds betaal is geskep. Slegs 'n gedeelte van hierdie voorsiening is gedurende die berekeningsperiode deur die Fonds ontvang. Daar was verder ook terugwerkende regstellings ten opsigte van die Mediese versorgingstrust wat tot 'n verdere tekort gedurende die berekeningsperiode vir die Fonds gelei het.

## **AFDELING 5**

### **SAMEVATTING**

- 5.1 Die Fonds is vanaf 30 Junie 1994 vir nuwe toetredes gesluit, en bied na hierdie datum, benewens die versorgingsvoordele wat reeds daaruit betaal word, slegs voordele by emeritering ten opsigte van bestaande predikante wat ook op 30 Junie 1994 predikante was. Sodanige voordele word op 'n pro rata-basis bereken, rofweg in die verhouding van die aantal jare wat die lid op 1 Julie 1994 ouer as 27 jaar was, tot 'n potensiële volle lidmaatskapsperiode van 38 jaar.
- 5.2 Die voordele wat in die toekoms by emeritering uit die Fonds betaalbaar sal word, sal jaarliks aangepas word teen 'n koers wat afhanklik sal wees van die beleggings-opbrengs wat op die bates van die Fonds behaal word. Hierdie verhogingskoers sal stellig nie ten volle met inflasie kan tred hou nie, en sal na verwagting gemiddeld 2,5% laer as die jaarlikse inflasiekoers beloop.
- 5.3 'n Aktuariële berekening van die verpligtinge van die Fonds dui daarop dat hierdie verpligtinge tans 31,6% befonds is. 'n Gemiddelde raming van R150 per lidmaat

per jaar wat jaarliks matiglik sal verhoog, behoort voldoende te wees om die huidige onbefondsde tekort van R102-miljoen oor 'n periode van ongeveer 15 jaar te befonds.

**C ERASMUS B.Sc. A.S.A. F.I.A.**

In my hoedanigheid as Direkteur van  
ABSA KONSULTANTE EN AKTUARISSE (EDMS) BEPERK

Johannesburg  
November 2005

## AANHANGSEL A

### BEREKENINGSAANNAMES

#### 1. BELEGGINGSOPBRENGS

'n Verwagte beleggingsopbrengskoers van 7,5% per jaar (voorheen 10,0% per jaar) is gebruik, relatief tot 'n onderliggende inflasiekoers van 5,0% per jaar (voorheen 7,5% per jaar).

#### 2. VERHOGING IN VOORDEELBEDRAE

Daar is voorsiening gemaak vir verhogings van die voordeelbedrae teen 'n koers van 2,5% per jaar (voorheen 5,0% per jaar).

#### 3. STERFTES

Die gepubliseerde SA56-62 sterftetabelle (eindsterfte) is ten opsigte van die periode voor emeritering gebruik.

Ten opsigte van die periode na emeritering is gebruik gemaak van die gepubliseerde PA90 sterftetabelle (eindsterfte) vir manlike en vroulike lewens onderskeidelik.

Die volgende is voorbeelde van die sterftekoerse waarvoor voorsiening gemaak is:

Aantal sterftes binne 1 jaar uit 1 000 persone  
by elke ouderdom

<u>Ouderdom</u>	<u>Predikante/emeriti</u>	<u>Weduwees</u>
30	1,6	0,3
35	2,0	0,5
40	2,9	0,8
45	4,8	1,4
50	7,9	2,4
55	12,5	4,1
60	19,3	7,0
65	25,0	11,9
70	38,6	20,4
75	59,1	34,6
80	89,6	58,2

85	133,4	96,3
90	194,2	155,2
95	273,9	240,5

## AANHANGSEL B

### KONTANTVLOEIPROJEKSIE TEN OPSIGTE VAN DIE FONDS

<u>Jaar</u> <u>eindigend</u> <u>30 Junie</u>	<u>Beraamde</u> <u>aantal</u> <u>lidmate</u>	<u>Totale</u> <u>ramings</u> <u>(R'000)</u>	<u>Voordeel-</u> <u>betalings</u> <u>(R'000)</u>	<u>Bates</u> <u>(R'000)</u>	<u>Befondsing</u> <u>s-vlak</u>	<u>Raming per</u> <u>lidmaat vir</u> <u>die vooraf-</u> <u>gaande</u> <u>jaar</u>
2006	70,171	11,023	12,268	49,324	33.1%	150
2007	69,469	11,186	12,283	51,926	35.0%	154
2008	68,775	11,351	12,468	54,704	37.2%	158
2009	68,087	11,519	12,612	57,713	39.7%	162
2010	67,406	11,688	12,715	61,015	42.5%	166
2011	66,732	11,861	12,897	64,555	45.6%	170
2012	66,065	12,036	13,325	68,107	49.1%	174
2013	65,404	12,213	13,254	72,175	53.1%	178
2014	64,750	12,393	13,195	76,786	57.7%	183
2015	64,103	12,576	13,196	81,925	63.1%	187
2016	63,462	12,762	13,103	87,728	69.4%	192
2017	62,827	12,950	13,202	94,056	76.6%	197
2018	62,199	13,141	13,340	100,912	85.0%	202
2019	61,577	13,335	13,046	108,769	94.9%	207
2020	60,961	13,532	12,957	117,500	106.6%	212

**Besluit: Met dank kennis geneem.**

## N. RAPPORT AD HOC KOMMISSIE OOR EERVOLLE VERSORGING AAN EMERITI

### 1. Beredering

- 1.1 Almal is dit eens dat emeriti eervol versorg moet word. Hulp met versorging moet in die volgorde Kerkraad – Klassis – Partikuliere Sinode – Nasionale Sinode plaasvind. Die beginsel van “Dra mekaar se laste” is steeds prioriteit.
- 1.2 Die ramings is vir die jaar 1 Julie 2005 tot 30 Junie 2006 met 13.5% verhoog. Die huidige versorgingsbedrag is in gevalle nie eervol nie agv verskeie omstandighede. In dié gevalle sal 'n bedrag van R10 000 per maand baie verligting gee.

- 1.3 Indien ramings met 10% bokant inflasiekoers verhoog word, beteken dit as aanvaar word dat inflasiekoers 4.5% is, die verhoging 14.5% moet wees. Die Deputate se aanbeveling van 13.5% is dus nie ver van die aanbeveling nie.
- 1.4 Indien die ramings met 10% hoër as die 13.5% aanbeveling verhoog word sal die 156 emeriti gemiddeld ongeveer R600 meer per maand ontvang.
- 1.5 Alhoewel die beginsel van “eervolle versorging” altyd prioriteit bly, is die 10% verhoging as aanbeveling nie die gewenste pad om te loop nie.
- 1.6 Daar is 7 verpligte kollekte (riglyn R20 per lidmaat per kollekte) vir die emeritaatsfonds en 1 nuwe verpligte kollekte (riglyn R25 per lidmaat) vir die Dankbaarheidsfonds.
- 1.7 Die hele saak van die versorging van emeriti bly ‘n saak van geloof – as ons na syfers kyk gaan ons nêrens kom nie.

**Besluit: Kennis geneem.**

## **2. Aanbevelings**

- 2.1 Een van die Dankbaarheidsfonds se aanbevelings is dat die versorging van emeriti ‘n prioriteit sal wees en hierdie fonds moet uitgebou word oa ook vir dié doel.

**Besluit: Goedgekeur.**

- 2.2 Emeriti moet eervol versorg word. Die Trustees moet ‘n riglyn aan kerke verskaf, verkieslik voor Junie 2006.

**Besluit: Goedgekeur.**

- 2.3 Die Trustees moet toesien dat die nodige stappe in plek gestel sal word om toe te sien dat die fonds sodanig uitgebou word dat eervolle versorging moontlik sal word.

**Besluit: Goedgekeur.**

- 2.4 Agterstallige ramings by die Emeritaatsversorgingstrust van R3.5m bly ‘n groot kommer en moet aangespreek word deur die Trustees en maatreëls moet in plek gestel word om hierdie uitstaande bedrag drasties te verminder. Dat aan die volgende Ledevergadering teruggerapporteer word oor maatreëls wat getref is en hoe daar gevorder is met die saak.

**Besluit: Goedgekeur soos gewysig. (Wysigings is hierbo aangebring – Deputate Handeling.)**

## 2. **BESKRYWINGSPUNT VAN SUIDELIKE PARTIKULIERE SINODE INSAKE EMERITUSVERSORGING VAN GEREFORMEERDE KERK MOSSSELBAAI SE EMERITUS, DS J KIRSTEN (Artt 122, 283)**

Die Sinode gaan in Ledevergadering.

Die Ledevergadering gaan in camera

- A. Ds H Reinecke stel die Beskrywingspunt.
- B. **Besluit:** Die Beskrywingspunt word verwys na die Kommissie EVT/PPF.
- C. Dr FP Kruger rapporteer namens die Kommissie EVT/PPF.

### **D. BESKRYWINGSPUNT**

#### 1. Versoek

Die EVT-Ledevergadering word versoek om goedkeuring te verleen:

- 1.1 Dat die Gereformeerde Kerk Mosselbaai se emeritus, ds J Kirsten, nie eers op ouderdom 65 met die EVT persentasie basisversorgingsbedrag te versorg nie, maar nou reeds uit die EVT versorg word.
- 1.2 Dat die Gereformeerde Kerk Mosselbaai se emeritus, ds J Kirsten, se persentasie van die EVT persentasie basisversorgingsbedrag aangepas word.

#### 2. **Motivering vir 1.1 – EVT versorging vóór 65**

- 2.1 Die Suidelike Part Sinode (26/11/1996) het 'n regskenkende administratiewe fout gemaak deurdat die Gereformeerde Kerk Mosselbaai se KO, art 13 aansoek om ds Kirsten weens mediese onbekwaamheid te laat emeriteer, te verander na 'n KO, art 12 saak en hom onder KO, art 12 eervol te laat oorgaan tot 'n ander staat van die lewe. Die gevolg van hierdie kerkregtelik-administratiewe fout, is dat ds Kirsten se lidmaatskap by die GKSA Predikante Pensioenfonds beëindig is, sy ongeskiktheids versekeringseis by SAGE LEWENS (PPF versekeraar) gestaak is en hy versorging uit die EVT verbeur het. Indien die Suidelike Partikuliere Sinode 1996 die KO, art 13 aansoek korrek hanteer het, dan sou ds Kirsten kragtens KO, art 13 agv mediese onbekwaamheid geëmeriteer het en dan sou hy uit die PPF (ongeskiktheids-versekering) en EVT versorging ontvang het.
- 2.2 Hierdie regskenkende foutiewe besluit van Suidelike Part Sinode 1996 is, na 'n geslaagde Beswaarskrif, deur die Suidelike Partikuliere Sinodus Contracta 14/15 Januarie 2003 herroep, omgekeer en ds Kirsten is herstel as predikant soos voor 26/11/1996. Op 18 Maart 2003 emeriteer ds J Kirsten ordelik kragtens KO, art 13 weens mediese onbekwaamheid, maar sonder enige versorging uit die PPF en EVT. Die meganismes (PPF en EVT) wat die kerke daargestel het deur gesamentlik hande te vat om mekaar te help in die versorging van 'n gemeente se emeritus, is vir GK Mosselbaai ontnem en nou is GK Mosselbaai alleen verantwoordelik vir die versorging van hulle emeritus – 'n lading wat ondraaglik gaan wees en onmoontlik vir een gemeente alleen.
- 2.3 Ds Kirsten was vanaf 01/07/1994 lid van die PPF. Die GK Mosselbaai het gewillig hulle predikant (ds Kirsten) by die PPF ingeskakel (nie soos enkele ander kerke wat geweier het om by die PPF in te skakel nie – vgl Acta 1997:345, 4.3;

2000:256, 1.14, 1.15; 2000:273, 7). GK Mosselbaai en ds J Kirsten het in Oktober 1996 die korrekte prosedure gevolg toe hulle die ongeskiktheidsversekeringseis by SAGE LEWENS (PPF versekeraars) ingedien het. Nie ds Kirsten en ook nie die GK Mosselbaai het die ongeskiktheidsversekeringseis by SAGE LEWENS gestaak nie. Die ongeskiktheids-versekeringseis by SAGE LEWENS is op 11 November 1996 in opdrag van mnr BG Kukkuk (EVT-PPF deputaat) gestaak (volgens SAGE blyk dit dat die EVT-PPF deputaat die ongeskiktheidseis gestaak het nog vóórdat die Suidelike Part Sinode 26/11/1996 plaasgevind het). SAGE LEWENS weier om die 1996 ongeskiktheids-versekeringseis van ds Kirsten te heropen. Verder is dit nie ds Kirsten en ook nie die GK Mosselbaai wat sy lidmaatskap by die PPF beëindig het nie, maar die Trustees van die PPF het sy lidmaatskap beëindig as 'n noodwendige gevolg van die foutiewe besluit van Suidelike Part Sinode 1996. Die regs-krenkende besluit van Suidelike Part Sinode 1996 het ook regs-krenkende gevolge teenoor GK Mosselbaai en hul emeritus tov die emeritus versorging – nou sit die GK Mosselbaai en hul emeritus met 'n versorgingskrisis wat hulleself nie veroorsaak of gevra of gesoek het nie.

2.4 Ds Kirsten was tot 1 Desember 1996 lid van die EVT ledelys. Die regs-krenkende besluit van Suidelike Part Sinode 1996 het meegebring dat hy van die EVT ledelys geskrap is. Suidelike Part Sinode 2003 se herroeping van die 1996 regs-krenkende besluit, het ds Kirsten herstel as predikant, sy skraping van die EVT ledelys omgekeer en is hy (de jure) weer lid van die EVT ledelys van die Gereformeerde predikante. Sedert 18 Maart 2003 is ds Kirsten 'n emeritus weens mediese onbekwaamheid (KO, art 13). Die EVT Trustees erken dat ds Kirsten 'n emeritus is en hulle het hom in 2003 op die EVT ledelys (de facto) herstel, verder bevestig hulle dat GK Mosselbaai se emeritus eers op ouderdom 65 emeritusversorging uit die EVT sal ontvang met 21,05% van die basisversorgingsbedrag ooreenkomstig die EVT Ordereëling (1997).

2.5 Ds Kirsten se regs-krenkende uitdienssetting (26/11/1996) het plaasgevind vóórdat die Sinode 1997 die besluit geneem het dat “die EVT versorging eers vanaf ouderdom 65 sal plaasvind” (Acta 1997:247, onderaan reël 6.8, 1997:334/5, 3.5.3.2.4, 3.5.3.3.1 en 3.5.3.3.2). Dit is 'n nuwe besluit van 1997. Sinode 1994 het geensins daarvan melding gemaak nie.

Sinode 1994 het gesê:

(a) “Vir verstreke diensjare behartig die kerke steeds die versorging van emeriti mbt die Emeritaatsfonds” (1994:244, 9.2.A).

(b) “Slegs predikante wat per lederegister opgestel ... kragtens beroepsbrief geregtig was op emeritaatsversorging uit die EF, is ook na 01/07/1994 geregtig op versorging daaruit vir diensjare voor 1994” (1994:245, 9.2.1.3). Let wel: “ook na 01/07/1994” en nie “eers vanaf ouderdom 65 jaar” nie.

(c) “Dood-en-ongeskiktheidsvoordele uit die EF is slegs van toepassing op predikante wat nie tot 'n pensioenfonds kragtens sy werk as predikant behoort nie, maw predikante wat voor 01/07/1994 geëmeriteer het (1994:245, 9.2.1.5 (vi) ). Let wel: Hier blyk twee kwalifikasies te wees: (1) “nie tot 'n pensioenfonds behoort nie” en (2) “voor 01/07/1994 geëmeriteer het”. Ds Kirsten het nie voor 01/07/1994 geëmeriteer nie, maar (vanweë die regs-krenkende foutiewe besluit) behoort hy nie tot 'n pensioenfonds nie. Ons is van mening dat ds Kirsten hiervolgens wél kwalifiseer. Die EVT Trustees en Ledevergadering behoort ds Kirsten se saak te hanteer soos

- 'n emeritus wat nie tot 'n pensioenfonds behoort nie, want dit is in wese die geval.
- (d) Die enigste waar Sinode 1994 oor ouderdom 65 praat, is by totale beroepsongeskiktheid wat deur groepversekering voorsien word, maar dit is deel van die “versorging vir toekomstige jare” (1994:247, 9.2.2.1.5.1/2/3). Die Sinodebesluit 1997:247 onderaan Ordereëling 6.8; 1997:334/5, 3.5.3.2.4, 3.5.3.3.1 en 3.5.3.3.3.2 is nuwe besluite en 'n wysiging op 1994 se besluite. Aangesien ds Kirsten vóór Januarie 1997 foutiewelike uit diens gestel is, behoort dit hom nie te ontnem van EVT versorging voor ouderdom 65 nie.
- 2.6 Op die Sinode 1994 is die alternatiewe versorgingsmodel goedgekeur wat ten doel het om die versorging dmv die Emeritaatsfonds (EPPW&W) vir verstreke diensjare oor 40 jaar uit te faseer en om 'n Predikante Pensioenfonds vir toekomstige diensjare in te faseer (1994:244/5/6, 9.2, 9.2.1 en 9.2.2) en het dit op 01/07/1994 in werking getree. Nou is dit belangrik om in gedagte te hou dat Sinode 1994 nog nie die volgende aspekte goedgekeur het nie:
- (a) 'n Nuwe Ordereëling vir EVT is nog nie opgestel of goedgekeur nie.  
 (b) 'n Reglement vir die PPF is nog nie opgestel of goedgekeur nie.  
 (c) 'n Ordereëling vir EVT-medies is nog nie opgestel of goedgekeur nie.  
 (d) Die 1991 Ordereëlings vir EVT is nog nie herroep nie (1997:250, 13).
- Al vier hierdie sake het eers op Sinode 1997 gedien en is in 1997 eers goedgekeur – dws ná ds Kirsten se foutiewe uitdiensstelling.
- 2.7 Die kerke het sedert 1873 besluit om mekaar by te staan in die uitvoering van KO, art 13 om die emeriti te versorg. Sinodes 1894:45, art 124, artikel 1; 1942:77, art 60, artikel 2; 1985:699, art 171, artikel 1; 1991:284, 1, 2 en 1994:244, 9.2.1.1 bevestig telkens die besluit (1873) om mekaar by te staan. Die ooreenkoms van meewerkende versorging gaan steeds voort. Sinode 1997 bevestig dit en sê die nuwe “wyse van versorging, is versorging en voorsiening mbv sowel die EVT, PPF en Mediese Skema (vir emeriti) alles die medewerking van kerke om mekaar in die uitvoering van KO, artt 13 & 20 by te staan”. Dat kerke “sedert 1873 'n ooreenkoms handhaaf om mekaar met die emeritaatsversorging ter syde te staan”, is nie deur die instelling van die Pensioenfonds opgehef nie”. Besluit:: Goedgekeur (1997:233, 4.7.2(i)). Kerkregtelike advies wat bekom is, bevestig dit ook: “Die 1994 besluit hef nie die bystandsbesluit van 1873 op nie, maar die besluit (1873) staan nog steeds. Die bystand van kerke tot mekaar in kerkverband, is dus nie weggehaal deur die PPF besluit van 1994 nie” (aldus prof A le R du Plooy).
- 2.8 GK Mosselbaai staan binne die EV-Kombinasie en GK Mosselbaai is kragtens hierdie kombinasie-bystandsbesluit aangewese op die EV-Kombinasie vir hulpverlening – spesifiek vir die versorging van die verstreke diensjare voor 01/07/1994 se gedeelte.
- 2.9 GK Mosselbaai word deur EVT-Ordereëlings en deur die versorgingsprobleem nou dubbeld belaa met emeritusversorging:
- (a) Aan die een kant: Mosselbaai as lidkerk van die EV-Kombinasie word nou kragtens die Ordereëlings en onderlinge afspraak verplig om die volle EVT ramings te betaal en sewe verpligte kollekte vir die Emeritaatsfonds in te samel. Hierdie verantwoordelikheid het Mosselbaai tot op hede getrou en gewillig nagekom.
- (b) Aan die ander kant: Die EVT Trustees sê vir Mosselbaai: “Ds Kirsten is net julle verantwoordelikheid alleen”. Gevolglik moet Mosselbaai (bo en behalwe

die EVT ramings en kollektes) ook nog alleen vir hulle emeritus versorg. Hierdie dubbele emeritusversorgingsbelading is onregverdig, ondraaglik en onbillik teenoor Mosselbaai.

Die hele ooreenkoms om mekaar tot hulp te wees, wat sedert 1873 gehandhaaf is en in die doelstellings van die EV-Kombinasie vervat is (1997:239, 4.1), is in gedrang.

- 2.10 Die EVT is 'n fonds wat aan die Kerke (GKSA) in EV-Kombinasie behoort en hierdie Kerke stel die Ordereëlings op om mekaar in liefde by te staan in die versorging van emeriti. Alhoewel die Ordereëlings tans geen moontlikheid vir versorging vóór 65 laat nie, behoort die EV-Kombinasie die Ordereëlings aan te pas om vir GK Mosselbaai en ds Kirsten ter wille te wees met hulp, vanweë die besondere omstandighede wat hierdie Kirsten-versorgingsprobleem veroorsaak het. Daarom lê GK Mosselbaai (langs die kerklike weg) hierdie saak en versoek voor die EV-Kombinasie se ledevergadering om 'n oplossing te help vind.

### 3. Motivering vir 1.2 – aanpassing van EVT-persentasie basisbedrag

- 3.1 Die EVT-Trustees sê op grond van die Versorgingslys dat ds Kirsten geregtig is op 21,05% van die basisbedrag van die emeritaatsversorging uit die EVT (vgl 1997:224/6). Hierdie persentasie berekening is gedoen op grond van 1997 se berekeningsformule wat deur Sinode 1997 goedgekeur is (1997:245, 6.2.1) – dws eers goedgekeur nádat die regskenkende foutiewe besluit van Suidelike Part Sinode 1996 vir ds Kirsten uit diens gestel het.

- 3.2 Verskille in die berekeningsformules: 1994 en 1997

Die 1994 EVT berekeningsformule vir die % aandeel (1994:245, 9.2.1.5) verskil van die 1997 EVT berekeningsformule vir die % aandeel in 1997 se Reglement (1997:245, 6.2.1). Sinode 1997 erken dat dit 'n nuwe wysiging is op 1994 se besluit (1997:263, 3.7.5.2.1 en 3.7.5.2.2).

#### 3.2.1 Verskil tov die noemer-faktor

- (a) 1994 stel die noemer-faktor op "Totale aantal diensjare" – goedgekeur in 1994.  
(b) 1997 stel die noemer-faktor op "38 jaar" – goedgekeur in 1997. Sinode 1994 sê nêrens dat die "Totale aantal diensjare" gelyk is aan "38 jaar" nie.

#### 3.2.2 Verskil tov die teller-faktor

- (a) 1994 stel die teller-faktor op "Diensjare voor 01/07/1994" – goedgekeur in 1994.  
(b) 1997 stel die teller faktor op "Ouderdom op 01/07/1994 min 27" – goedgekeur in 1997.

#### 3.2.3 Effek op persentasie aandeel

**Hierdie wysigings het 'n groot verskil op die persentasie aandeel van die EVT basisversorgingsbedrag tov ds Kirsten, soos hieronder aangetoon word:**

- (a) **Volgens 1994 se berekeningsformule vir ds Kirsten:**

Diensjare voor 01/07/1994 =  $\frac{1}{1988} - \frac{6}{1994}$  = 6.5 diensjare

Totale aantal diensjare =  $\frac{1}{1988} - \frac{12}{1996}$  = 8 totale diensjare = 81.25%



(b) Volgens 1997 se berekeningsformule vir ds Kirsten (geb 16/06/1959)

$$\begin{array}{rccccccc} \text{Ouderdom op 01/07/1994 min 27} & = & 35 \text{ jr min 27} & = & 8 \text{ jr} \\ 38 & = & 38 & = & 38 & = & 21.05\% \end{array}$$

3.2.4 Die 1994 berekeningsformule was geldig ten tye van ds Kirsten se regskrenkende uitdiensstelling in 1996. Die nuwe verandering van die berekeningsformule (1997) het plaasgevind en is goedgekeur nádat ds Kirsten uit diens gestel is (1996). Die GK Mosselbaai en Klassis Boland is oortuig daarvan dat ds Kirsten se persentasie aandeel van die EVT basisversorgingsbedrag foutief en krenkend is.

3.3 *Geldigheid van Ordereëlings 1991 en 1994 se besluit tov versorging vir verstreke diensjare*

3.3.1 Die Ordereëling van die Emeritaatsfonds (1991) meld niks van ongeskiktheidsvoordele nie, maar OR (1991) behandel 'n predikant wat weens mediese onbekwaamheid emeriteer gelyk aan 'n predikant wat weens ouderdom emeriteer (beide is KO, art 13). Die versorging van beide emeriti word op gelyke basis ongeag tydperk in bediening gedoen.

**Hierdie Ordereëling 1991 is eers in 1997 herroep (1997:250, 13). Die Ordereëling 1991 het dus tot datum van herroeping gegeld.**

3.3.2 Sinode 1994 stel dat ongeskiktheidsvoordele uit Emeritaatsfonds is slegs van toepassing op predikante wat nie tot 'n pensioenfonds behoort nie, maw predikante wat voor 01/07/1994 geëmeriteer het (1994:245, 9.2.1.5 (vi)).

(a) Ds Kirsten het nie voor 01/07/1994 geëmeriteer nie.

(b) Ds Kirsten het tot 'n pensioenfonds behoort, maar die pensioenfonds en die ongeskiktheidsversekeringseis is hom ontnem deur die regskrenkende foutiewe besluit van Suidelike Part Sinode 1996 en deur die EVT/PPF Trustees in die staking van die eis (vgl 2.3 hierbo).

(c) Ds Kirsten behoort sedert sy regskrenkende uitdiensstelling nie aan 'n pensioenfonds nie. Gevolglik maak die GK Mosselbaai aanspraak kragtens die onderlinge samewerking, dat GK Mosselbaai se emeritus (ds Kirsten) kragtens hierdie besluit (1994:245, 9.2.1.5 (vi)) emeritusversorging uit die EF(EVT) ontvang.

3.3.3 Indien die EVT Ledevergadering nie laasgenoemde aanspraak (3.3.2 (c) hierbo) toestaan nie, maak die GK Mosselbaai aanspraak op die Ordereëling 1991 wat steeds geldig was ten tye van ds Kirsten se regskrenkende uitdiensstelling 1996 (omdat die Ordereëling eers in 1997 herroep is) en die versorgingsbedrag van 100% van die basis versorgingsbedrag. Ordereëling 1991 het geen vermindering volgens 'n persentasie aandeel van die versorgingsbedrag gehad nie.

3.4 Die versorging wat die emeriti uit die Emeritaatsfonds ontvang het, was volledige / eervolle / gelyke versorging / dieselfde basis versorging ongeag tydperk in bediening (1982:104, 2.3.3.2.1; 1994:235, 3.2.3; 1994:236, bo 3.3 EN 1982:105/6, 2.3.3.3.5.1; 1994:236, 3.2.6(1); 1994:237, bo 4 – Sinode 1994 het hierdie besluite van 1982 weer bevestig en goedgekeur). Aangesien ds Kirsten nie tot 'n pensioenfonds behoort nie (vgl 2.5(c)), behoort die EVT versorging nie op 'n persentasiebasis van verstreke diensjare bereken te word nie, maar op "dieselfde basis versorging ongeag tydperk in bediening" soos hierbo na 1994 se besluit verwys.

4. Die Gereformeerde Kerk Mosselbaai beroep haar op die onderlinge samewerking en ooreenkoms wat daar tussen die Lidkerke van die EV-Kombinasie bestaan om mekaar in die versorging van emeriti kragtens KO, art 13 tot hulp te wees, sodat die GK Mosselbaai haar emeritus (ds Kirsten) eervol kan versorg (1991:284, 1.2; 1994:244, 9.2.1.1; 1997:218, 4.1.1; 1997:233, 4.7.2(1); 1997:239, 4.1 en 4.2; 1997:243, 1).
5. Die GK Mosselbaai het reeds die pad met die EVT Trustees/Deputate sedert Maart 2003 geloop (sonder bevredigende sukses). Die EVT Trustees volstaan daarmee dat ds J Kirsten eers op ouderdom 65 geregtig is op 21,05% van die basisversorgingsbedrag uit die EVT vir emeritusversorging en dat tot ouderdom 65 hy net die verantwoordelikheid van die GK Mosselbaai bly.  
Aangesien die pad met die EVT Trustees gevolg is, wend die GK Mosselbaai haar as lidkerk na die EV-Kombinasie se ledevergadering in sitting tydens die Nasionale Sinode 2006.
6. Die seën van die Here word u toegebid en die leiding van die Heilige Gees. Mag die liefde en barmhartigheid van die Here, die eer van die Here, die bewoëndheid oor GK Mosselbaai en sy emeritus se nood, en die seëviering van die reg en geregtigheid, die EVT Ledevergadering daartoe dring om 'n oplossing te bied.

**Besluit:**

Aan die Beskrywingspunt word gevolg gegee.

### 13.1.1 FINANSIËLE STATE SDDS

**SINODALE DEPUTATE VIR DIAKONALE SAKE VAN DIE GEREFORMEERDE  
KERKE IN SUID AFRIKA  
(INGELYFDE VERENIGING SONDER WINSOOGMERK)  
REGISTRASIENOMMER 1947/026814/08**

<b><u>Inhoud</u></b>	<b><u>Bladsy</u></b>
Gekonsolideerde Balansstaat	2
Gekonsolideerde Inkomstestaat	3 - 4
Gekonsolideerde Staat van Verandering in Ekwiteit	5
Gekonsolideerde Kontantvloeistaat	6
Aantekeninge by die Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate	7 - 9

Die gekonsolideerde finansiële jaarstate op 31 Maart 2005, wat op bladsye 2 tot 9 uiteengesit is, is deur die deputate goedgekeur en word namens hulle geteken deur:

VOORSITTER : \_\_\_\_\_

SKAKELDEPUTAAT: \_\_\_\_\_

**POTCHEFSTROOM  
30 SEPTEMBER 2005**

**Bezuidenhout en Steyn**  
GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS (S.A.)

Vennote/Partners:

P.M. STEYN

J.C. JONKER

Bygestaan deur/Assisted by:

G.W.L. BEZUIDENHOUT

J.P. FOUCHÉ

Posbus 597

Telefoon: (018) 297-5457/8/9

Faks: (018) 294-8720

E-pos: jscasa@iafrica.com

RETIEFSTRAAT 11

POTCHEFSTROOM 2520

30 Junie 2005

**VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEURE  
AAN DIE DIREKTEURE VAN: SINODALE DEPUTATE VIR DIAKONALE SAKE VAN DIE  
GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA (INGELYFDE VERENIGING SONDER  
WINSOOGMERK)**

*Ons het die finansiële state van Sinodale Deputate vir Diakonale Sake, uiteengesit op bladsye 2 tot 9 vir die jaar geëindig 31 Maart 2005 geouditeer. Hierdie finansiële state is die verantwoordelikheid van die maatskappy se direkteure. Ons verantwoordelikheid is om oor hierdie finansiële state, gegrond op ons audit, verslag te doen.*

**Omvang**

Ons het die audit ooreenkomstig standpunte van die Suid-Afrikaanse auditstandaarde uitgevoer. Hierdie standpunte vereis dat ons die audit beplan en onderneem ten einde gerusstelling te verkry dat die finansiële state vry is van wesenlike wanvoorstellings.

‘n Audit sluit in:

- ‘n Ondersoek op ‘n toetsgrondslag, van bewyse ter ondersteuning van bedrae en openbaarmakings in die finansiële state;
- ‘n beoordeling van die rekenkundige beginsels toegepas en beduidende ramings deur bestuur gemaak; en ‘n evaluering van die algehele aanbieding van die finansiële state.

Ons glo dat ons audit ‘n redelike grondslag vir ons mening verskaf.

**Kwalifikasie**

Soos met soortgelyke instansies is dit nie moontlik vir die onderskeie entiteite om beheermaatreëls in te stel ten opsigte van kontantontvangste by wyse van donasies en ander fondsinsamelings nie. In die lig van die bogenoemde kon daar nie bevredigende auditprosedures uitgevoer word om die volledigheid en akkuraatheid van sodanige inkomste te bevestig nie.

**Gekwalifiseerde Ouditmening**

Afgesien van die uitwerking op die finansiële state van die aangeleentheid waarna in die vorige paragraaf verwys is, verstrek hierdie state ‘n redelike weergawe, in alle wesenlike opsigte, van die maatskappy op 31 Maart 2005 en van die resultate van sy bedrywighede en kontantvloei inligting vir die jaar geëindig op daardie datum, in ooreenstemming met algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk en op die wyse deur die Maatskappywet vereis.

BEZUIDENHOUT EN STEYN

GEREGISTREERDE REKENMEESTERS EN OUDITEURE

GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS (S.A.)

**SINODALE DEPUTATE VIR DIAKONALE SAKE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE  
IN SUID AFRIKA**

**GEKONSOLIDEERDE BALANSSTAAT SOOS OP 31 MAART 2005**

	<u>Aant</u>	<u>2005</u> R	<u>2004</u> R	<u>2003</u> R
<b>BATES</b>				
NIE-BEDRYFSBATES		11,592,351.07	11,498,880.77	11,517,774.20
Grond en Geboue	1	11,183,518.73	11,183,518.73	11,173,359.19
Ander Vaste Bates	2	396,432.34	302,962.04	332,015.01
Beleggings	3	12,400.00	12,400.00	12,400.00
BEDRYFSBATES		5,067,706.64	3,676,672.49	2,652,623.51
Bank		529,141.84	440,834.22	331,429.37
Kontant en Spaarfondse	4	3,931,311.39	2,658,445.97	1,837,213.23
Debiteure		188,023.88	159,948.80	135,398.71
Vorraad		61,165.99	27,235.99	30,343.89
Deposito's		118,687.94	118,781.17	11,779.59
Lenings Toegestaan	5	239,375.60	271,426.34	306,458.72
		<u>16,660,057.71</u>	<u>15,175,553.26</u>	<u>14,170,397.71</u>
<b>EKWITEIT EN LASTE</b>				
RESERWES		16,205,551.34	14,321,481.71	13,321,625.69
Kapitaalfondse		7,492,199.08	7,492,199.08	7,492,199.08
Opgehoopte Reserwes		8,495,708.43	6,490,341.24	5,753,683.81
Spesifieke Fondse		217,643.83	338,941.39	75,742.80
<b>LASTE</b>				
NIE-BEDRYFSLASTE		-	180,000.00	180,000.00
Langtermynlenings	6	-	180,000.00	180,000.00
BEDRYFSLASTE		454,506.37	674,071.55	668,772.02
Krediteure		444,886.37	413,338.55	312,382.89
Lenings	7	-	255,719.65	353,054.13
Inwoners Deposito's		9,620.00	5,013.35	3,335.00
		<u>16,660,057.71</u>	<u>15,175,553.26</u>	<u>14,170,397.71</u>

**POTCHEFSTROOM  
30 SEPTEMBER 2005**

**SINODALE DEPUTATE VIR DIAKONALE SAKE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE  
IN SUID AFRIKA**

**GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2005**

	<u>Aant</u>	<u>2005</u>	<u>2004</u>	<u>2003</u>
		R	R	R
INKOMSTE		8,150,757.02	7,696,320.59	6,868,721.98
Subsidie van Owerheidsweë		3,132,803.75	3,025,311.00	2,974,417.00
Losiesgeld		3,754,752.77	3,184,474.79	2,792,508.27
Huur Ontvang		502,703.44	334,257.17	288,348.02
Heffings Ontvang		38,988.50	37,470.00	34,450.00
Intreegelde		27,987.92	15,763.65	21,933.21
Ekstra Etes		45,166.19	48,515.80	47,355.70
Elektrisiteit Verhaal		32,673.35	28,207.60	30,775.58
Parkering, Wassery ens.		12,112.00	4,393.00	5,744.00
Lopende Insamelings		603,569.10	1,017,927.58	673,190.20
ANDER INKOMSTE		4,259,550.96	2,466,226.64	2,371,519.86
Gemeentes, Diakonieë en Susters		2,337,566.87	2,323,657.05	1,978,238.72
Buitengewone Bemaking Ontvang		1,700,000.00	-	-
Versekeringsseis Ontvang		43,600.24	7,738.05	-
Wins met Verkoop van Bate		-	23,416.54	79,000.00
Inkomste uit Glenzicht		178,383.85	111,415.00	314,281.14
		12,410,307.98	10,162,547.23	9,240,241.84
UITGAWES (BLADSY 4)		(10,829,276.98)	(10,304,313.37)	(9,155,815.87)
NETTO VERLIES VOOR FINANSIERINGS- KOSTES		1,581,031.00	(141,766.14)	84,425.97
RENTE ONTVANG		191,403.06	219,464.63	208,800.73
RENTE BETAAL		(563.11)	(1,997.25)	(1,778.94)
NETTO WINS/(VERLIES) VIR DIE JAAR		1,771,870.95	75,701.24	291,447.76

**POTCHEFSTROOM  
30 SEPTEMBER 2005**

**SINODALE DEPUTATE VIR DIAKONALE SAKE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE  
IN SUID AFRIKA**

**GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2005 (VERVOLG)**

	<u>Aant</u>	<u>2005</u>	<u>2004</u>	<u>2003</u>
		R	R	R
<b>UITGAWES</b>				
Personeeluitgawes:				
Salarisse - Professioneel		2,146,457.94	2,250,476.51	1,844,328.86
- Ander		2,995,453.21	2,824,701.84	2,683,760.01
Bonusse - Professioneel		149,388.89	107,999.56	109,028.27
- Ander		229,962.77	175,848.73	190,817.14
Bydraes tot Hulpskemas		780,522.63	709,401.96	633,152.19
Honoraria		40,115.00	16,910.00	6,625.00
Personeelontwikkeling		3,472.89	4,510.00	3,050.00
Huishoudelike Uitgawes:				
Huish. Brandstof, Was- en Skoonmaakkoste		448,564.55	424,027.45	326,677.08
Kombuisgereedskap en Breekware		11,640.83	13,653.85	6,116.12
Linne, Komberse, Uniforms en Klerasie		102,266.81	105,772.86	110,280.38
Medies		2,668.91	33,861.63	24,706.47
Onderwys en Ontspanning		121,783.73	131,553.16	83,720.44
Sakgeld, Kerkgeld en Funksies		54,372.62	61,108.58	32,939.51
Voedsel		1,324,140.07	1,410,637.62	1,338,937.87
Kantooruitgawes:				
Advertensies		3,153.49	1,810.74	726.24
Assuransie		143,344.89	124,893.13	134,154.39
Drukwerk en Skryfbehoeftes		39,188.81	37,068.81	38,240.95
Onderhoud - Toerusting		82,694.25	66,204.53	78,994.06
Reis en Verblyfkoste		67,350.56	68,552.80	34,107.59
Subskripsies en Ledegeld		4,594.21	804.00	12,063.18
Telefoon en Posgeld		127,670.84	136,808.63	106,220.79
Vervoeruitgawes:				
Vervoerkostes		128,256.34	76,696.92	67,275.15
Onderhoud - Motorvoertuie		37,499.56	77,399.96	63,190.55
Grond en Geboue:				
Instandhouding		577,165.73	376,583.86	375,408.02
Munisipale Dienste		870,713.89	822,888.00	630,041.60
Professionele en Spesiale Dienste:				
Bankkoste		35,647.93	30,252.07	32,606.44
Oorhoofse Administrasiekoste		10,931.26	15,757.27	-
Ouditeursvergoeding		20,690.76	44,341.35	41,173.75
Regskoste en Ander Konsultasiefooie		1,275.00	5,120.33	23,422.04
Rekenmeestersgelde		69,640.78	7,000.00	12,500.00
Diverse:				
Bystand aan Oud-Predikante		30,142.23	9,282.22	-
Gemeenskapsdiens Studie		300.00	-	-
Uitgawes t.o.v. Glensicht		41,627.36	26,058.30	-
Waardevermindering		126,578.24	106,326.70	111,551.78
		<u>10,829,276.98</u>	<u>10,304,313.37</u>	<u>9,155,815.87</u>

**POTCHEFSTROOM  
30 SEPTEMBER 2005**

**SINODALE DEPUTATE VIR DIAKONALE SAKE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE  
IN SUID AFRIKA**

**GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT VIR DIE JAAR GEËINDIG  
31 MAART 2005**

	<b><u>Kapitaal Fondse</u></b>	<b><u>Ander Reserwes</u></b>	<b><u>Spesifieke Fondse</u></b>	<b><u>Opgehoopte Wins</u></b>	<b><u>Totaal</u></b>
	<b><u>R</u></b>	<b><u>R</u></b>	<b><u>R</u></b>	<b><u>R</u></b>	<b><u>R</u></b>
Saldo op 31 Maart 2002	7,492,199.08	4,317,066.21	75,742.80	(1,340,725.78)	10,544,282.31
Netto Wins/(Verlies) vir die jaar	-	-	-	291,447.70	291,447.70
Regstellings - Lenings	-	-	-	2,436,615.39	2,436,615.39
Fondsinsamelings - Vorige Jare	-	-	-	49,280.29	49,280.29
Saldo op 31 Maart 2003	7,492,199.08	4,317,066.21	75,742.80	1,436,617.60	13,321,625.69
Netto Wins/(Verlies) vir die jaar	-	-	156,388.59	75,701.24	232,089.83
Regstellings - Lenings	-	-	-	249,395.15	249,395.15
Beweging in Reserwes & Fondse	-	(16,651.06)	106,810.00	-	90,158.94
Kanselleer Onbekende B/S Items	-	-	-	(10,587.90)	(10,587.90)
Fondsinsamelings - Vorige Jare	-	-	-	438,800.00	438,800.00
Saldo op 31 Maart 2004	7,492,199.08	4,300,415.15	338,941.39	2,189,926.09	14,321,481.71
Netto Wins/(Verlies) vir die jaar	-	-	(14,487.56)	1,771,870.95	1,757,383.39
Regstellings - Lenings	-	-	-	109,365.53	109,365.53
Beweging in Reserwes & Fondse	-	61,850.85	(106,810.00)	-	(44,959.15)
Regstellings - BTW Kontrole	-	-	-	62,279.86	62,279.86
Saldo op 31 Maart 2005	7,492,199.08	4,362,266.00	217,643.83	4,133,442.43	16,205,551.34

**POTCHEFSTROOM  
30 SEPTEMBER 2005**



**SINODALE DEPUTATE VIR DIAKONALE SAKE**

**GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2005**

	<u>Aant</u>	<u>2005</u> R	<u>2004</u> R	<u>2003</u> R
<b>KONTANTVLOEI UIT BEDRYFSAKTIWITEITE</b>				
Kontantontvangste		12,382,232.90	10,114,580.60	9,271,191.13
Kontant Betaal aan Verskaffers en Werknemers		(10,700,474.27)	(10,092,244.76)	(9,274,368.09)
Kontant in Bedrywighede Aangewend	9.1	1,681,758.63	22,335.84	(3,176.96)
Rente Ontvang		191,403.06	219,464.63	208,800.73
Rente Betaal		(563.11)	(1,997.25)	(1,778.94)
Wins by Bateverkope		-	23,416.54	79,000.00
Netto Kontantvloei uit Bedryfsaktiwiteite		1,872,598.58	263,219.76	282,844.83
<b>KONTANTVLOEI UIT BELEGGINGSAKTIWITEITE</b>				
Grond en geboue oorgedra na PKK Reddersburg		-	-	14,047.40
Vaste Bates (Aangekoop)/Verkoop		(226,765.65)	38,609.63	(19,863.17)
Afname in Beleggings		-	-	1,578,303.00
Netto Kontantvloei uit Beleggingsaktiwiteite		(226,765.65)	38,609.63	1,572,487.23
<b>KONTANTVLOEI UIT FINANSIERINGSAKTIWITEITE</b>				
(Uitvloei)/Invloei uit Kapitaalelemente		118,915.79	798,111.88	168,267.68
Afname/(Toename) in Lenings Toegestaan		32,050.74	35,032.38	(477,685.68)
(Afname)/Toename in Lenings Aangegaan		(435,719.65)	(97,334.48)	66,713.13
Netto Kontantvloei uit Finansieringsaktiwiteite		(284,753.12)	735,809.78	(242,704.87)
Netto Toename in Kontant- en Ekwivalente		1,361,079.81	1,037,639.17	1,612,627.19
Kontant- en Ekwivalente aan Begin van die Jaar		3,218,061.36	2,180,422.19	567,795.00
Kontant- en Ekwivalente aan Einde van die Jaar	9.2	4,579,141.17	3,218,061.36	2,180,422.19

**POTCHEFSTROOM  
30 SEPTEMBER 2005**

**SINODALE DEPUTATE VIR DIAKONALE SAKE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE  
IN SUID AFRIKA**

**AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE STATE SOOS OP 31 MAART 2005**

**REKENINGKUNDIGE BELEID**

**GROND EN GEBOUE**

Grond en geboue word getoon teen 'n herwaardasie wat in 1987 gedoen is. Enige verbeteringe daarna word teen kosprys getoon. Geen depresiasie word voorsien nie.

**ANDER VASTE BATES**

Ander vaste bates word gedeprimeer op die reguitlyn metode teen koerse wat voldoende geag word om die bates oor hulle verwagte nuttige lewensduur af te skryf.

**VOORRAAD**

Voorraad word teen kosprys of netto realiseerbare waarde welke ookal die laagste is, op 'n eerste-in-eerste-uit grondslag waardeer.

**BELEGGINGS**

Beleggings word teen markwaarde getoon.

**FINANSIËLE INSTRUMENTE**

Die finansiële instrumente volgens die balansstaat sluit in kontant, bank, beleggings, debiteure, krediteure en lenings. Hierdie instrumente word geag teen hul billike waardes getoon te word.

**NADIENSVOORDELE**

Die tehuis maak voorsiening vir nadiensvoordele vir kwalifiserende werknemers en afgetredenes en hierdie voordele verteenwoordig pensioene en na-uitdienstredings-mediese-planne. Bydraes tot omskrewedydraeplanne word erken wanneer die diens deur werknemers gelewer word.

**DONASIE IN NATURA**

Donasies in natura word as 'n inkomste getoon onder donasies, en as 'n uitgawe onder die toepaslike item waarmee die donasie geassosieer kan word.

	<u>2005</u> R	<u>2004</u> R	<u>2003</u> R
<b>1. GROND EN GEBOUE</b>			
Hoofkantoor (Glenzicht)	1,761,676.06	1,761,676.06	1,761,676.06
Ons Huis Ouetehuis	1,407,782.74	1,407,782.74	1,407,782.74
Ons Huis Woonstelle	1,379,715.34	1,379,715.34	1,379,715.34
Waterberg Ouetehuis	1,099,973.51	1,099,973.51	1,099,973.51
Johannes Postma Woonstelle	1,717,546.75	1,717,546.75	1,707,387.21
Dirk Postma Ouetehuis	1,293,503.63	1,293,503.63	1,293,503.63
Pres. Kruger Kinderhuis - Pretoria	1,477,827.32	1,477,827.32	1,477,827.32
Pres. Kruger Kinderhuis - Reddersburg	1,045,493.38	1,045,493.38	1,045,493.38
	<u>11,183,518.73</u>	<u>11,183,518.73</u>	<u>11,173,359.19</u>
<b>2. ANDER VASTE BATES</b>			
Motorvoertuie	285,703.24	201,599.19	226,660.10
Masjinerie en Toerusting	40,029.05	35,115.59	30,828.72
Meubels en Toebehore	53,838.10	63,141.51	69,674.27
Rekenaartoerusting	16,861.95	3,105.75	4,851.92
	<u>396,432.34</u>	<u>302,962.04</u>	<u>332,015.01</u>

Die direkteur is van mening dat die bates minstens hulle boekwaarde werd is.

**POTCHEFSTROOM  
30 SEPTEMBER 2005**

**SINODALE DEPUTATE VIR DIAKONALE SAKE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE  
IN SUID AFRIKA**

**AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE STATE SOOS OP  
31 MAART 2005 (VERVOLG)**

	<u>2005</u> R	<u>2004</u> R	<u>2003</u> R
<b>3. BELEGGINGS</b>			
10% Skuldbriewe - Sorec Limited	12,400.00	12,400.00	12,400.00
<b>4. KONTANT EN SPAARFONDSE</b>			
Hoofkantoor	574,894.47	535,068.45	483,472.36
Ons Huis Ouetehuis	274,600.66	45,671.40	24,872.12
Ons Huis Woonstelle	-	-	48,931.20
Waterberg Ouetehuis	615,180.69	633,065.19	464,265.73
Johannes Postma Woonstelle	236,776.45	298,799.14	262,825.10
Dirk Postma Ouetehuis	244,867.45	273,949.14	176,887.19
Pres. Kruger Kinderhuis - Pretoria	1,878,152.82	440,448.36	37,510.98
Pres. Kruger Kinderhuis - Reddersburg	106,838.85	431,444.29	338,448.55
	<u>3,931,311.39</u>	<u>2,658,445.97</u>	<u>1,837,213.23</u>
<b>5. LENINGS TOEGESTAAN</b>			
<i>deur Hoofkantoor:</i>			
Gereformeerde Kerk Noordrand	10,400.09	2,685.98	7,391.62
Glenzicht	-	407.12	62,072.79
Marprieu Ontwikkelings Trust - Handelslening	228,975.51	268,333.24	236,994.31
	<u>239,375.60</u>	<u>271,426.34</u>	<u>306,458.72</u>
<b>6. LANGTERMYNLENINGS</b>			
<i>aan Dirk Postma Ouetehuis</i>			
Dirk Postma Woonstelle	-	150,000.00	150,000.00
Gereformeerde Kerk Burgersdorp	-	30,000.00	30,000.00
	<u>-</u>	<u>180,000.00</u>	<u>180,000.00</u>
<b>7. LENINGS</b>			
<i>aan Ons Huis Ouetehuis</i>			
Admin Buro	-	106,230.01	52,000.00
Ons Huis Vriendekring	-	-	161,341.36
	<u>-</u>	<u>106,230.01</u>	<u>213,341.36</u>
<i>aan Ons Huis Woonstelle</i>			
Ons Huis Vriendekring	-	-	110,000.00
	<u>-</u>	<u>-</u>	<u>110,000.00</u>
<i>aan Ons Huis Woonstelle</i>			
Admin Buro	-	149,489.64	29,712.77
	<u>-</u>	<u>149,489.64</u>	<u>29,712.77</u>
	<u>-</u>	<u>255,719.65</u>	<u>353,054.13</u>

**POTCHEFSTROOM  
30 SEPTEMBER 2005**

**SINODALE DEPUTATE VIR DIAKONALE SAKE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE  
IN SUID AFRIKA**

**AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE FINANSIËLE STATE SOOS OP  
31 MAART 2005 (VERVOLG)**

8. FINANSIËLE INSTRUMENTE

**RENTERISIKO**

Blootstelling aan rentekoerse op laste en beleggings word pro-aktief gemonitor. Die befondsing van die tehuis is volgens 'n kombinasie van vaste en veranderlike rentekoerse gestruktureer, derhalwe word die renterisiko as laag beskou.

**LIKIDITEITSRISIKO**

Die tehuis se likiditeitsrisiko word deur die behoorlike bestuur van kontantvloeï beheer. Aangesien daar voldoende reserwes bestaan, is daar nie 'n likiditeitsrisiko nie.

**KREDIETRISIKO**

Potensiële konsentrasie van kredietrisiko bestaan hoofsaaklik uit kontant en debiteure. Debiteure word deurgaans ge-evalueer om invordering te verbeter, wat druk op kontantvloeï verlig. Debiteure word getoon teen boekwaarde.

**BILLIKE WAARDES**

Die drawaardes van debiteure, krediteure, bank, beleggings asook lenings word geoordeel as hul billike waardes.

	<u>2005</u>	<u>2004</u>	<u>2003</u>
	R	R	R
<b>9. AANTEKENINGE BY DIE GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEÏSTAAT</b>			
<b>9.1. KONTANT IN BEDRYWIGHEDDE AANGEWEND</b>			
Netto Wins	1,771,870.95	75,701.24	291,447.76
Aangesuiwer vir:			
Waardevermindering	126,578.24	106,326.70	111,551.78
Rente Ontvang	(191,403.06)	(219,464.63)	(208,800.73)
Rente Betaal	563.11	1,997.25	1,778.94
Netto Wins/(Verlies) by Bateverkope	-	(23,416.54)	(79,000.00)
	<hr/>	<hr/>	<hr/>
	1,707,609.24	(58,855.98)	116,977.75
Bedryfskapitaalveranderings			
(Toename)/Afname in Voorraad	(33,930.00)	3,107.90	8,258.11
(Toename)/Afname in Debiteure	(28,075.08)	(24,550.09)	109,949.29
Toename/(Afname) in Krediteure	36,154.47	102,634.01	(238,362.11)
	<hr/>	<hr/>	<hr/>
Kontant in Bedrywighede Aangewend	1,681,758.63	22,335.84	(3,176.96)
	<hr/> <hr/>	<hr/> <hr/>	<hr/> <hr/>
<b>9.2. KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE</b>			
Kontant en Kontantekwivalente bestaan uit:			
Bank	529,141.84	440,834.22	331,429.37
Kontant en Spaarfondse	3,931,311.39	2,658,445.97	1,837,213.23
Deposito's	118,687.94	118,781.17	11,779.59
	<hr/>	<hr/>	<hr/>
	4,579,141.17	3,218,061.36	2,180,422.19
	<hr/> <hr/>	<hr/> <hr/>	<hr/> <hr/>

**POTCHEFSTROOM  
30 SEPTEMBER 2005**

## 13.1.2 FINANSIËLE STATE GLENZICHT

**SINODALE DEPUTATE VIR DIAKONALE SAKE VAN DIE GEREFORMEERDE  
KERKE IN SUID AFRIKA  
(INGELYFDE VERENIGING SONDER WINSOOGMERK)  
REGISTRASIENOMMER 1947/026814/08  
GLENZICHT**

<b><u>Inhoud</u></b>	<b><u>Bladsy</u></b>
Balansstaat	2
Inkomstestaat	3
Staat van Verandering in Ekwiteit	4
Kontantvloeistaat	5
Aantekeninge by die Finansiële Jaarstate	6 - 7

Die finansiële jaarstate op 31 Maart 2005, wat op bladsye 2 tot 7 uiteengesit is, is deur die deputate goedgekeur en word namens hulle geteken deur:

VOORSITTER : \_\_\_\_\_

SKAKELDEPUTAAT: \_\_\_\_\_

**POTCHEFSTROOM  
30 SEPTEMBER 2005**

**SINODALE DEPUTATE VIR DIAKONALE SAKE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID AFRIKA  
GLENZICHT**

**BALANSSTAAT SOOS OP 31 MAART 2005**

	<u>Aant</u>	<u>2005</u> R	<u>2004</u> R	<u>2003</u> R
<b>BATES</b>				
NIE-BEDRYFSBATES		27,926.46	21,672.79	17,482.00
Vaste Bates	2	27,926.46	21,672.79	17,482.00
BEDRYFSBATES		705,875.55	157,042.82	15,774.10
Bank		181,348.47	12,574.28	11,282.66
ENB -Daggeld		513,821.14	138,191.44	-
Kleinkas		1,677.41	1,164.53	1,411.39
Debiteure		9,028.53	5,112.57	3,080.05
		<u>733,802.01</u>	<u>178,715.61</u>	<u>33,256.10</u>
<b>EKWITEIT EN LASTE</b>				
OPGEHOOPTE FONDSE		61,668.02	63,041.31	(64,228.26)
Kapitaalfondse		143,243.60	-	-
Opgehoopte Wins/(Verlies)		(81,575.58)	63,041.31	(64,228.26)
<b>LASTE</b>				
NIE-BEDRYFSLASTE		-	72,122.71	75,739.78
Langtermynlening	3	-	72,122.71	75,739.78
BEDRYFSLASTE		672,133.99	43,551.59	21,744.58
Deposito's		-	100.00	100.00
Krediteure		672,133.99	43,451.59	21,644.58
		<u>733,802.01</u>	<u>178,715.61</u>	<u>33,256.10</u>

**POTCHEFSTROOM  
30 SEPTEMBER 2005**

**SINODALE DEPUTATE VIR DIAKONALE SAKE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID AFRIKA  
GLENZICHT**

**INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2005**

	<u>Aant</u>	<u>2005</u> R	<u>2004</u> R	<u>2003</u> R
<b>INKOMSTE</b>		813,213.16	474,677.67	159,927.82
Heffings Ontvang		804,926.16	453,734.00	142,752.82
Huur Ontvang		8,287.00	5,378.67	6,900.00
Kommissie Ontvang		-	15,415.00	10,125.00
Diverse Inkomste		-	150.00	150.00
<b>UITGAWES</b>		1,021,295.26	352,687.36	181,571.38
Affiliatie gelde		-	535.00	-
Bankkoste		6,797.55	4,726.92	1,607.29
Drukwerk en Skryfbehoeftes		2,950.04	1,268.69	455.00
Erfbelasting		88,385.28	50,078.99	33,305.62
Instandhouding	4	78,556.10	19,990.27	10,171.43
Kantooruitgawes		2,120.77	1,267.08	91.92
Netto Elektrisiteit		2,187.18	(27,784.53)	23,162.31
Ouditeursvergoeding		1,800.00	3,300.00	5,000.00
Regskostes		2,850.00	-	-
Reiskostes		2,001.40	26,544.00	18,849.04
Rekenmeestersfooie		3,420.00	-	-
Sekuriteit		166,225.00	112,821.60	52,155.00
Salarisse		30,988.73	33,939.71	15,581.00
Skoonmaakdienste		43,132.14	18,063.63	-
Slegte Skuld Afgeskryf		1,305.08	-	-
Telefoon en Posgeld		3,245.03	3,614.68	-
Versekering		34,125.44	35,104.76	15,266.58
Waardevermindering		10,887.85	4,268.01	350.00
Water en Vullisverwydering		540,317.67	64,948.55	5,576.19
<b>BEDRYFS-(TEKORT)/SURPLUS VOOR FIN.KOSTES</b>		(208,082.10)	121,990.31	(21,643.56)
<b>RENTE ONTVANG</b>		17,884.74	5,534.61	59.13
<b>RENTE BETAAL</b>		-	(255.35)	(952.38)
<b>NETTO (TEKORT)/SURPLUS VIR DIE JAAR</b>		(190,197.36)	127,269.57	(22,536.81)
<b>AANSUIWERINGS TEEN OORSKOT VIR DIE JAAR</b>		45,580.47	-	-
<b>OPGEHOOPTE OORSKOT BEGIN VAN DIE JAAR</b>		63,041.31	(64,228.26)	(41,691.45)
<b>OPG. (TEKORT)/SURPLUS EINDE VAN DIE JAAR</b>		(81,575.58)	63,041.31	(64,228.26)

**POTCHEFSTROOM  
30 SEPTEMBER 2005**

**SINODALE DEPUTATE VIR DIAKONALE SAKE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID AFRIKA  
GLENZICHT**

**STAAT VAN VERANDERING IN FONDSE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2005**

	<u>Kapitaal Fondse</u>	<u>Opgehoopte Wins</u>	<u>Totaal</u>
	R	R	R
Saldo op 31 Maart 2002	-	(22,536.81)	(22,536.81)
Netto Wins/(Verlies) vir die Jaar	-	(41,691.45)	(41,691.45)
Saldo op 31 Maart 2003	-	(64,228.26)	(64,228.26)
Netto Wins/(Verlies) vir die Jaar	-	127,269.57	127,269.57
Saldo op 31 Maart 2004	-	63,041.31	63,041.31
Netto Wins/(Verlies) vir die Jaar	-	(190,197.36)	(190,197.36)
Opbrengs uit Kommissie vir die Jaar	118,189.60	-	118,189.60
Kommissie van Vorige Jare	25,054.00	(25,054.00)	-
Uitgawes van Vorige Jare Aangepas	-	70,634.47	70,634.47
Saldo op 31 Maart 2005	143,243.60	(81,575.58)	61,668.02

**POTCHEFSTROOM  
30 SEPTEMBER 2005**



**SINODALE DEPUTATE VIR DIAKONALE SAKE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID AFRIKA  
GLENZICHT**

**KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2005**

	<u>Aant</u>	<u>2005</u> R	<u>2004</u> R	<u>2003</u> R
<b>KONTANTVLOEI UIT BEDRYFSAKTIWITEITE</b>				
Kontantontvangste		784,243.20	472,645.71	156,847.21
Kontant Betaal aan Verskaffers en Werknemers		(311,190.54)	(326,612.35)	(159,476.80)
Kontant in Bedrywighede Aangewend 5		473,052.66	146,033.36	(2,629.59)
Rente Ontvang		17,884.74	5,534.61	59.13
Rente Betaal		-	(255.35)	(952.38)
Netto Kontantvloei uit Bedryfsaktiwiteite		<u>490,937.40</u>	<u>151,312.62</u>	<u>(3,522.84)</u>
<b>KONTANTVLOEI UIT BELEGGINGSAKTIWITEITE</b>				
Vaste Bates Aangekoop		(17,141.52)	(8,458.80)	(17,832.00)
Netto Kontantvloei uit Beleggingsaktiwiteite		<u>(17,141.52)</u>	<u>(8,458.80)</u>	<u>(17,832.00)</u>
<b>KONTANTVLOEI UIT FINANSIERINGSAKTIWITEITE</b>				
Invloei uit Kapitaalelemente		143,243.60	-	-
Toename in lenings		(72,122.71)	(3,617.62)	34,048.89
Netto Kontantvloei uit Finansieringsaktiwiteite		<u>71,120.89</u>	<u>(3,617.62)</u>	<u>34,048.89</u>
Netto Toename in Kontant- en Ekwivalente		544,916.77	139,236.20	12,694.05
Kontant- en Ekwivalente aan Begin van die Jaar		151,930.25	12,694.05	-
Kontant- en Ekwivalente aan Einde van die Jaar	6	<u>696,847.02</u>	<u>151,930.25</u>	<u>12,694.05</u>

**POTCHEFSTROOM  
30 SEPTEMBER 2005**

**SINODALE DEPUTATE VIR DIAKONALE SAKE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID AFRIKA**

**AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE STATE SOOS OP 31 MAART 2005**

1. REKENINGKUNDIGE BELEID

VASTE BATES

Vaste bates word gedeprimeer op die reguitlyn metode teen koerse wat voldoende geag word om die bates oor hulle verwagte nuttige lewensduur af te skryf.

	<u>2005</u> R	<u>2004</u> R	<u>2003</u> R
<b>2. VASTE BATES</b>			
Meubels en Toerusting			
Drabedrag - Begin van die Jaar	13,448.93	14,682.00	-
Plus: Aankope	12,341.52	2,800.00	15,032.00
Min: Verkope	-	-	-
Waardevermindering	(6,734.92)	(4,033.07)	(350.00)
Drabedrag - Einde van die Jaar	19,055.53	13,448.93	14,682.00
Bruto Drabedrag	30,173.52	17,832.00	15,032.00
Min: Opgehoopte Waardevermindering	(11,117.99)	(4,383.07)	(350.00)
Rekenaartoerusting			
Drabedrag - Begin van die Jaar	8,223.86	-	-
Plus: Aankope	4,800.00	8,458.80	-
Min: Verkope	-	-	-
Waardevermindering	(4,152.93)	(234.94)	-
Drabedrag - Einde van die Jaar	8,870.93	8,223.86	-
Bruto Drabedrag	13,258.80	8,458.80	-
Min: Opgehoopte Waardevermindering	(4,387.87)	(234.94)	-
Geboue	-	-	2,800.00
<b>Totale Ander Vaste Bates</b>	<b>27,926.46</b>	<b>21,672.79</b>	<b>17,482.00</b>

Die direkteur is van mening dat die bates minstens hulle boekwaarde werd is.

3. LANGTERMYNLENINGS

SDDS Hoofkantoor	-	407.12	62,072.79
Administratiewe Buro van die GKSA	-	71,715.59	13,666.99
	-	72,122.71	75,739.78

Die lenings is onverseker en rentevry met geen vaste terugbetalingsvoorwaardes nie, alhoewel die bedoeling van 'n langtermyn aard is.

4. INSTANDHOUDING

Algemeen	12,669.70	11,296.35	4,794.23
Tuine	65,886.40	8,693.92	5,377.20
	78,556.10	19,990.27	10,171.43

**POTCHEFSTROOM**  
**30 SEPTEMBER 2005**

**SINODALE DEPUTATE VIR DIAKONALE SAKE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID AFRIKA**

**AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE STATE SOOS OP 31 MAART 2005 (VERVOLG)**

	<u>2005</u> R	<u>2004</u> R	<u>2003</u> R
<b>5. KONTANT IN BEDRYWIGHEDDE AANGEWEND</b>			
Netto (Tekort)/Surplus	(144,616.89)	127,269.57	(22,536.81)
Aangesuiwer vir:			
Waardevermindering	10,887.85	4,268.01	350.00
Rente Ontvang	(17,884.74)	(5,534.61)	(59.13)
Rente Betaal	-	255.35	952.38
	<u>(151,613.78)</u>	<u>126,258.32</u>	<u>(21,293.56)</u>
Bedryfskapitaalveranderings			
(Toename)/Afname in Debiteure	(3,915.96)	(2,031.96)	(3,080.61)
Toename/(Afname) in Krediteure	<u>628,582.40</u>	<u>21,807.00</u>	<u>21,744.58</u>
Kontant in Bedrywighe Aangewend	<u><u>473,052.66</u></u>	<u><u>146,033.36</u></u>	<u><u>(2,629.59)</u></u>
<b>6. KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE</b>			
Kontant en Kontantekwivalente bestaan uit:			
Bank	181,348.47	12,574.28	11,282.66
ENB - Daggeld	513,821.14	138,191.44	-
Kleinkas	<u>1,677.41</u>	<u>1,164.53</u>	<u>1,411.39</u>
696,847.02	<u><u>151,930.25</u></u>	<u><u>12,694.05</u></u>	<u><u>12,694.05</u></u>
<b>7. FINANSIËLE INSTRUMENTE</b>			
<b>RENTERISIKO</b>			
Blootstelling aan rentekoerse op laste en beleggings word pro-aktief gemonitor. Die befondsing van die entiteit is volgens 'n kombinasie van vaste en veranderlike rentekoerse gestruktureer, derhalwe word die renterisiko as laag beskou.			
<b>LIKIDITEITSRISIKO</b>			
Geen likiditeitsrisiko bestaan nie.			
<b>KREDIETRISIKO</b>			
Potensiële konsentrasie van kredietrisiko bestaan hoofsaaklik uit kontant en debiteure. Debiteure word deurgaans ge-evalueer om potensiële slegte skuld te voorkom en invordering te verbeter wat druk op kontantvloei verlig.			
<b>BILLIKE WAARDES</b>			
Die drawaardes van debiteure, krediteure, bank, beleggings asook lenings word geoordeel as hul billike waardes.			

POTCHEFSTROOM  
30 SEPTEMBER 2005

**1.1 FINANSIËLE STATE : GEREFORMEERDE EMERITAATVERSORGINGSTRUST**  
**GEREFORMEERDE EMERITAATVERSORGINGSTRUST**  
**REGISTRASIE NOMMER: IT 5036/97**

**FINANSIËLE STATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2005**

**ADMINISTRATIEWE INLIGTING**

**Geregistreeerde kantoor**

Die Administratiewe Buro van die  
Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika  
H/V Molen- en Meyerstraat  
POTCHEFSTROOM  
2531

**Posadres**

Posbus 20004  
NOORDBRUG  
2522

**NAAM VAN OUDITEUR:** Bezuidenhout & Steyn

**NAAM VAN WAARDEERDER:** C. Erasmus

**INHOUD**

**BLADSY**

Verslag van die onafhanklike ouditeure aan die Trustees	2
Verslag van die Trustees	3
Inkomstestaat	4
Balansstaat	5
Aantekeninge tot die finansiële state	6 - 7

**POTCHEFSTROOM**

**11 JULIE 2005**

**Bezuidenhout en Steyn**  
GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS (S.A.)  
Vennote/Partners:  
P.M. STEYN  
J.C. JONKER  
Bygestaan deur/Assisted by:  
G.W.L. BEZUIDENHOUT  
J.P. FOUCHÉ

Posbus 597  
Telefoon: (018) 297-5457/8/9  
Faks: (018) 294-8720

E-pos: jscasa@iafrica.com  
RETIEFSTRAAT 11  
POTCHEFSTROOM 2520  
4 November 2005

Die Trustees  
Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika  
Emeritaatsversorgingstrust  
**POTCHEFSTROOM**

*Weleerwaarde Here*

## **VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR AAN DIE TRUSTEES VAN DIE EMERITAATSVERSORGINGSTRUST VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

*Ons het die finansiële jaarstate soos uiteengesit op bladsye 1 tot 7 vir die jaar geëindig 30 Junie 2005 geouditeer. Hierdie finansiële state is die verantwoordelikheid van die Trustees van die Emeritaatsversorgingstrust van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Ons verantwoordelikheid is om oor hierdie finansiële state, gegrond op ons audit, verslag te doen.*

### **Omvang**

Ons het die audit ooreenkomstig standpunte van die Suid-Afrikaanse auditstandaarde uitgevoer. Hierdie standpunte vereis dat ons die audit beplan en onderneem ten einde gerusstelling te verkry dat die finansiële state vry is van wesenlike wanvoorstellings.

‘n Audit sluit in:

- ‘n Ondersoek op ‘n toets grondslag, van bewyse ter ondersteuning van bedrae en openbaarmakings in die finansiële state;
- ‘n beoordeling van die rekenkundige beginsels toegepas en beduidende ramings deur bestuur gemaak; en ‘n evaluering van die algehele aanbieding van die finansiële state.

Ons glo dat ons audit ‘n redelike grondslag vir ons mening verskaf.

### **Ouditmening**

Na ons mening verstrek hierdie state ‘n redelike weergawe, in alle wesenlike opsigte, van die Emeritaatsversorgingstrust van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika op 30 Junie 2005 en van die resultate van sy bedrywighede vir die jaar geëindig op daardie datum, in ooreenstemming met algemeen aanvaarde rekenkundige praktyk.

BEZUIDENHOUT EN STEYN  
GEREGISTREERDE REKENMEESTERS EN OUDITEURE  
GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS (S.A.)

**GEREFORMEERDE EMERITAATVERSORGINGSTRUST**  
